H O O F S T U K 6

6. MOONTLIKE OPLOSSINGS VIR DIE PROBLEME IN DIE ONDERWYS VAN IMMIGRANTEKINDERS IN DIE ONDERSOEKTERREIN

6.1 Inleiding

Dit het in die vorige hoofstuk duidelik geword dat daar in die ondersoekterrein in die R.S.A.[1] soortgelyke probleme in die onderwys van immigrantekinders as in ander immigrasielande[2] ondervind word. Die voortreflike navorsings- en beleids=reëlings wat vir die onderwys aan immigrantekinders in die buiteland blootgelê is,[3] kan egter nie sonder meer in die onder=soekterrein toegepas word nie omdat aanbevelings vir die beson=dere inheemse didakties-pedagogiese situasie in die nywerheids=groeipunt beplan moet word om aan Suid-Afrikaanse vereistes en omstandighede te voldoen.

Die doel van hierdie hoofstuk is om voorstelle vir effektiewe onderwys vir immigranteleerlinge in die ondersoekterrein te formuleer. Die program en metode wat hiervoor gevolg word, is: om ideale of kriteria[4] vir die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein af te lei uit en te formuleer met inag=neming van die stand van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein, die geskiedenis van immigrasie en onderwys in die R.S.A.[5] en die voortreklikhede in die buitelandse onder=wys vir immigrantekinders; om kortliks aan te dui in hoeverre onderwysmaatreëls in die ondersoekterrein tekortskiet aan die kriteria; om voorstelle ter verbetering aan die hand te doen; en om die implikasies van sodanige voorstelle te bepaal en rig=lyne vir verdere navorsing aan te dui.

---

1. Vergelyk paragraaf 1.3.
2. Vergelyk paragraaf 5.3.
3. Vergelyk paragraaf 5.5.1.
4. Kriteria vir die onderwys is algemeen geldende eise of ideale geformuleer as antwoord daarop hoe die onderwys in die geval van immigrasie moet wees;
   Scholtz, A. Die probleem van vergelyking in die pedagogiek, pp. 20 - 60;
   Vergelyk ook Potgieter, F.J. Die probleem van vergelyking en evaluering in die pedagogiek. Publikasies van die U.P., Pretoria Nuwe reeks no. 68: 14, 1972, p. 3.
5. Vergelyk paragraaf 2.3.

6.2 Kriteria vir evaluering van en voorstelle ter verbetering van onderwys van immigrantekinders in die nywerheidsgroeipunt

Met die oog op formulering van kriteria, evaluering van die huidige reëlings en voorstelle ter verbetering van die onderwys van immigrantekinders word daar vervolgens gelet op die volgende: koördinasie van onderwys en immigrasie ter versuidafrikaansing van immigrantekinders en ter beskerming van die Suid-Afrikaanse volksidentiteit en nasionale karakter, behoud van die Protestantse godsdienstige tradisie, behoud van die tradisionele taalverhouding, bemagtiging van die tweede amptelike taal, immigranteonderwys in gewone openbare skole, skoolplig vir immigrantekinders, groepering van immigrantekinders, besondere leerstof om versuidafrikaansing te bevorder, besondere reëlings vir evaluering en bevordering van immigrantekinders, besondere metodes en hulpmiddels, personeelvoorsiening en die betrokkenheid van immigranteouers by die onderwys van hulle kinders.

6.2.1 Onderwys en immigrasie moet gekoördineer word ter versuidafrikaansing van immigrantekinders en ter beskerming van die Suid-Afrikaanse volksidentiteit en die nasionale karakter van die onderwys

6.2.1.1 Kriteria ten opsigte van koördinasie van onderwys en immigrasie ter versuidafrikaansing van immigrantekinders en ter beskerming van die Suid-Afrikaanse volksidentiteit en nasionale karakter van die onderwys

As eerste kriterium geld dat daar absolute koördinasie moet bewerkstellig word tussen die voorsiening van onderwys aan immigrantekinders en die aard en omvang van immigrasie, want as 'n regering 'n kolossale langtermyn immigrasieprogram as deel van 'n ekonomiese en bevolkingsbeleid beplan[6], is interdepartementele samewerking noodsaaklik. Aangesien immigrasie nie 'n eenrigting proses is wat slegs die ekonomie en immigrante aangaan nie, maar alle fasette van die volkshuishouding ten nouste raak en in besonder 'n kumulatiewe effek op die onderwys het[7],

---


6. Vergelyk paragraaf 2.5.
7. Vergelyk paragrawe 2.4 en 4.5.

is dit belangrik om deur navorsing die pedagogiese, sosiologiese en kulturele implikasies daarvan bloot te lê en om met inagneming van die vreemdheidsfaktore[8] en faktore wat die nasionale karakter van die onderwys bepaal[9], 'n onderwysbeleid ter versuidafrikaansing van immigrantekinders te formuleer.

Tweedens bepaal die nasionale onderwysbeleid van die R.S.A. dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê[10]. Dit verg in die geval van immigrantekinders, volgens figuur 9, oordrag van die Suid-Afrikaanse kultuur en die eliminering van vreemdheid in die sekondêre idiostante kultuurkring deur die maksimale blootstelling van immigrante aan die Suid-Afrikaanse kultuur.

Figuur 9

Onderwyskriteria in die geval van immigrasie



8. Vergelyk paragraaf 4.2.3.
9. Cramer, J.F. & Brown, G.S. Contemporary education, p. 5; Hans, N. Comparative education, pp. 17 - 235; Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2.
10. Republiek van Suid-Afrika. Loc. cit.

Volgens figuur 9 eis dit enersyds vir die outochtone kinders die beskerming en behoud van hulle volksidentiteit en van die nasionale karakter van die onderwys. Andersyds eis dit vir die immigrantekinders kulturele inskakeling, assimilasie en versuidafrikaansing met die oog op uiteindelike burger= skap.

Aangesien versuidafrikaansing eintlik 'n inherente dualisme vertoon vanweë die twee blanke taalgroepe in die R.S.A., kan dit òf verengelsing òf verafrikaansing beteken. Daarom word vir die doeleindes van hierdie ondersoek aanvaar dat versuidafrikaansing betrekking het op die belewing van en identifisering met die Suid-Afrikaanse kultuur deur die immigrante soos hulle dit aantref, òf in die Engelsmedium- òf in die oorwegend Afrikaansmediumskole en in die sosiale milieu buite die skool[11]. Omdat immigrasie op permanente vestiging dui, is die uiteindelike ideaal dat die immigrante= kinders opgevoed, gehersosialiseer en gehernasionaliseer moet word tot Suid-Afrikaanse burgerskap met die oog op die instandhouding van die morele, godsdienstige en intellek= tuele homogeniteit en die balans van die blanke nasionale demografiese samestelling, eugenetiese verryking, versterking van die arbeidskrag en die sosiale en kulturele verryking van die outochtone bevolking[12].

Aangesien immigrasie die outochtone bevolking ten nouste raak, het die Departement van Immigrasie nie net 'n funksie om immigrasie om ekonomies demografiese redes te bevorder of om die beskawings-, kwaliteits- en welvaarspeil van die

---

11. Vergelyk paragraaf 4.3.
12. Mallinson, V. An introduction to the study of comparative education, p. 85;
Republiek van Suid-Afrika. Wet op Suid-Afrikaanse Bur= gerskap, no. 44 van 1949;
Vergelyk paragrawe 2.4 en 2.5.2.

blankes te verhoog nie, maar die Departement het ook in nasionale belang 'n beskermingsfunksie teenoor die outochtone bevolking[13]. Die beskermingsfunksie behels dat immigrasie nie die volkskarakter sal aantas nie[14]. Dit impliseer dat dit in nasionale belang is dat die omvang, totale invloei en herkoms van immigrante deur keuring gereguleer en gekontroleer moet word en dat immigrante assimileerbaar moet wees[15]. Die ideaal is dat die getal immigrante in die skool as afskynsel van die gemeenskap nie die assimilasievermoë van die outochtone bevolking moet oorskry nie, sodat immigrante sowel as Suid-Afrikaners maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kultuur blootgestel kan word. Omdat gemeenskaplike herkoms 'n belangrike rol in die nasionale bewussyn van 'n volk speel, is dit belangrik dat die immigrante van die tradisionele stamlande moet immigreer. Omdat die afstand tussen die Suid-Afrikaanse kultuur en dié van die stamlande kleiner is, behoort kinders afkomstig uit die stamlande makliker kultureel te integreer. Met die oog op effektiewe kultuuroordrag ter eliminering van vreemdheid moet onderwys-organisatoriese maatreëls getref word om die immigrantekinders maksimaal bloot te stel aan die Suid-Afrikaanse kulturele, sosiale, geografiese en ekonomiese milieu en om funksionele fisiese kontak met die Suid-Afrikaners te bevorder.

6.2.1.2 <u>Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die kriteria betreffende koordinasie van onderwys en immigrasie ter versuidafrikaansing van immigrantekinders en ter beskerming van die Suid-Afrikaanse volksidentiteit en die nasionale karakter van die onderwys</u>

Daar is bevind dat die Departement van Immigrasie self nie inburgering en assimilasie van immigrante in die Suid-Afrikaanse gemeenskap onderneem nie; en daarom word hierdie funksie oorgedra aan staatsgesubsidieerde private organisasies, private

13. Vergelyk paragrawe 2.4.1, 2.4.2, 2.4.3 en 2.5.2.
14. Vergelyk paragraaf 2.5.2.
15. Vergelyk paragrawe 2.6.1 en 3.3.

immigranteorganisasies, die Departement van Nasionale Opvoeding en die provinsiale onderwysdepartemente, omdat onderwys, veral die openbare skool, by uitstek die medium is om sosiale ver= andering, kulturele integrasie, versuidafrikaansing en uit= eindelike burgerskap te bevorder[16].

Voor 1961 is weinig assimilasieprobleme rakende die onderwys in die ondersoekterrein ervaar, waarskynlik vanweë die assi= mileerbare hoeveelheid immigrantekinders wat verspreid tot skole toegetree het[17]. Hulle versuidafrikaansing het op natuurlike wyse plaasgevind deur hulle maksimale blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur. Sedert 1961 is immigrasie versnel, is die konsentrasie immigrante in die nywerheids= groeipunt verhoog en het die getal en verskeidenheid immigrante= kinders in skole toegeneem[18]. Die immigrante se voorkeur aan Engels as medium van onderrig het veral in Engelsmedium= skole groot opeenhoping van immigrantekinders tot belemmerende gevolg gehad. Hulle betekenisvolle getalsoorwig en nadelige numeriese verhouding tot die outochtone kinders aldaar bedreig die nasionale karakter van die oorstroomde skool, versteur die normale verloop van die onderwys, verlaag die onderwysstandaard en beperk sowel die Suid-Afrikaners as die immigrante se bloot= stelling aan, kontak met en belewing van die Suid-Afrikaanse

---

16. Vergelyk paragraaf 2.2.2;
Republiek van Suid-Afrika. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(b);
Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R. 2029, paragraaf 4. Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, p. 18;
Kotzee, A.L. Die onderwys en opvoeding van die immigrante= kind. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant. M.E.I., Johannesburg, Sept. 1972, p. 65.

17. Mededeling deur skoolhoofde.

18. Vergelyk paragrawe 2.5, 2.6 en 4.5.

kultuur[19]. Daar is hoërop aangedui dat klasse waarin immigrantekinders en veral kinders van 'n bepaalde nasionaliteit konsentreer, geneig is om 'n uitheemse karakter - Brits, Heleens, Portugees, ens. - te kry[20]. Ingeval van sodanige konsentrasie is die outochtone kinders geneig om die immigrante te verwerp en om selfs uit skole en saam met hulle ouers uit woonbuurte te wyk[21]. Dit het in dié verband geblyk dat die versadigingspunt van 'n skool bereik word wanneer die persentasie immigrantekinders in die skool 20% bereik en wanneer die verhouding van outochtone kinders tot immigrante kleiner as 3 : 1 word[22].

Groepsvestiging van immigrante beïnvloed ook die onderwys nadelig, aangesien dit 'n belemmerende las op die assimilasievermoë van die outochtone bevolking plaas en die nasionale identiteit van die omgewing bedreig, wat tot die uitwyking van die outochtone bevolking uit die natuurlike voedingsgebied van skole lei, sodra die konsentrasie van vreemdelinge te groot word. Dit het 'n verdere negatiewe invloed, wat lei tot 'n regressiewe tendens in die bevolkingsverhouding van die openbare Engelsmedium- maar ook Afrikaansmediumskole en die natuurlike voedingsgebiede van skole[23]. Sodanige Afrikaansmediumskole se outochtone leerlingtal moet dan kunsmatig met behulp van busvervoer in stand gehou word[24].

Die feit dat 67% van die jaarlikse getal immigrante tans Engelssprekend is en dat die immigrante uit die Verenigde Koninkryk tussen 1960 en 1970 van 2 500 tot 21 300 jaarliks toegeneem het[25], tesame met die ander immigrante se voorkeur aan Engels, versteur nie alleen die taalverhouding nie, maar bedreig enersyds die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners se identiteit en verhewig sy stryd teen verengelsing[26].

---

19. Vergelyk paragraaf 4.5.
20. Loc. cit.
21. Loc. cit.
22. Vergelyk paragraaf 4.5.4.
23. Vergelyk paragraaf 4.5.3.4.
24. Loc. cit.
25. Vergelyk paragraaf 2.6.1, tabel 2.
26. Van der Merwe, H.J.J.M. Immigrasie en die Afrikaanse kultuur. Tydskrif vir Geesteswetenskap, Vol. 5 no. 4, Desember 1965, pp. 369 - 374.

Andersyds bedreig dit ook die Engelssprekende Suid-Afrikaners se identiteit. Dit belemmer ook versuidafrikaansing van immigrantekinders.

6.2.1.3 Voorstelle om onderwys en immigrasie te koördineer ter versuidafrikaansing van immigrantekinders en ter beskerming van die Suid-Afrikaanse volksidentiteit en nasionale karakter van die onderwys

Alvorens voorstelle ter verbetering van die huidige misstande gemaak kan word, moet gelet word op relevante pogings wat in die buiteland aangewend word en op lesse wat uit die geskiedenis van immigrasie hier te lande te leer is.

Dieselfde neiging tot nasionale vooroordeel, groepsvestiging en konsentrasie van immigrante in oorgangsones van stede en skole kom in die buiteland voor. Feitlik in alle immigrasielande word dit egter aan bande gelê deur 'n verspreidingsbeleid, wat die behoud van nasionale karakter, volksidentiteit en uiteindelike burgerskap ten doel het[27]. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek moet in dié verband veral gelet word op reëlings in die buiteland om samewerking tussen staatsdepartemente te bevorder ten aansien van voorafbeplanning van vestiging van immigrante, eweredige verspreiding van immigrante ook volgens die beroep van ouers, beperking van die persentasie immigrante per skool en klas, gereelde statistiese opnames van immigranteverspreiding, sinvolle beplanning van skoolsones, verspreiding van immigrante van die ontvangsentrum af, kultuuroordrag deur onderwys en maksimale blootstelling aan die outochtone kinders[28].

Dit is belangrik om in hierdie verband te let op die Suid-Afrikaanse immigrasiegeskiedenis, wat leer dat Engels deur

---

27. Vergelyk paragraaf 5.5.1.2.

28. Loc. cit.

immigrasie en groepsvestiging hier te lande bestendig is en dat groepsvestiging ook die identiteit van verskillende groepe Duitse immigrante bewaar het[29]. Waar 'n verspreidingsbeleid egter voor 1806 gevolg is en waar immigrantekinders voor 1961 verspreid in Suid-Afrikaanse skole geplaas is, het spoedige assimilasie en versuidafrikaansing plaasgevind. Die skolastiese prestasie van immigrantekinders wat maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kultuur blootgestel is, weerspieël ook die voordele van verspreiding[30]. Dit is dus in die lig van die dinamiese akkumuleringsprobleem, die buitelandse ervaring en lesse uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis duidelik dat interdepartementele samewerking, onderwys en verspreiding die aangewese metodes is om die nasionale karakter van die onderwys te beskerm en die immigrante te assimileer. In die lig van voorgaande kriteria, aangeduide leemtes en die benadering van die immigranteonderwys in die immigrasielande en in die Suid-Afrikaanse immigrasiegeskiedenis word die volgende aanbeveel:

(1) Die nouste interdepartementele samewerking is essensieel tussen die Departemente van Ekonomiese Sake, Immigrasie, Binnelandse Sake, Volkswelsyn en Immigrasie ten einde immigrasie en inburgering van immigrante in nasionale belang planmatig te beheer en te reël.

(2) Die getal immigrante moet, met inagneming van hulle plaaslike geboorteaanwas en van die assimilasievermoë van die outochtone bevolking, in iedere nywerheidsgroeipunt oordeelkundig beheer word. Daar moet veral gelet word op die kwota Engelssprekende en moeilik assimileerbare

---

29. Vergelyk paragraaf 2.3.
30. Vergelyk paragraaf 4.7.

Mediterreense immigrante. Vanweë die beskikbaarheid van immigrante moet die keuringstandaard van immigrante ter wille van die eugenetiese en intellektuele kwaliteit van die blanke Suid-Afrikaners nie verlaag word nie, aangesien rekening gehou moet word met die plaaslike vrouearbeidsbron en die nie-blanke arbeidsmag. Die potensiaal van laasgenoemde moet met die nodige onderwys en opleiding deeglik en snel ontwikkel word.

(3) Die universele karakter van onderwys met sy oordrag van die nasionale kultuur aan die kind ter beskerming van die nasionale karakter, ter stabilisering van die gemeenskap en ter bevordering van sosiale solidariteit en kulturele kontinuïteit van die volk maak die onderwys, en by name die openbare skool, by uitstek geskik om die immigrantekind op te voed in die volkskultuur, vir akkulturasie, kulturele integrasie, assimilasie, versuidafrikaansing en die toerusting van die immigrant vir uiteindelike burgerskap en moet as sodanig optimaal benut word.

(4) Dit is essensieel dat immigrantekinders ter versuidafrikaansing deur planmatige fisiese funksionele kontak maksimaal blootgestel word aan die Suid-Afrikaanse kultuur en leefwyse ten einde sosiale inteaksie met die Suid-Afrikaners te bevorder met die oog op kommunikasie en taalmobiliteit. Sodoende sal die kontinuïteit van hulle opvoeding so gou moontlik herstel word, sal die immigrante so gou moontlik kan inskakel by die normale kurrikulum en sal hulle optimaal in die nuwe kultuur gemotiveer word om hulle inskakeling deur eie inspanning te versnel.

(5) Die Minister van Nasionale Opvoeding moet onverwyld omvattende navorsing oor immigranteonderwys gelas en 'n wetenskaplik gefundeerde breë nasionale beleid ten opsigte van immigranteonderwys formuleer. Binne die raamwerk daarvan

moet provinsiale onderwysowerhede voorsiening maak vir elke nywerheidsgroeipunt en geskikte komprehensiewe eenhede.

(6) Daar moet veral gelet word op die assimilasievermoë van skole. 'n Norm van ongeveer 20% immigrantekinders per skool en 'n maksimum van vier tot vyf immigrantekinders per klas moet bepaal word om maksimale horisontale blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur te bevorder. Hierdie 20% moet kinders van verskillende nasionaliteite insluit, en om die konsentrasie van een nasionaliteit te verhoed, is 'n beperking van 10% per nasionaliteit in een skool en twee per klas wenslik.

(7) Immigrantekinders moet die skool van die onmiddellike omgewing bywoon, en daarom is samewerking van die Departement van Immigrasie, provinsiale onderwysdepartemente, plaaslike owerhede en nyweraars essensieel by verspreide plasing van immigrantegesinne.

(8) Voorts is versigtige statisties gebaseerde en sinvolle beplanning van skoolsones volgens die verspreidingsbeleid essensieel ten einde oormatige konsentrasie van immigrantekinders in 'n skool te voorkom.

(9) Met die oog op besondere bevordering van assimilasie moet iedere immigrantekind by opname in 'n skool onder die sorg en leiding van 'n goed voorbereide voogonderwyser en voogleerling geplaas word.

(10) Beheer moet vir 'n redelike tyd - volgens die wet drie jaar [31] - uitgeoefen word oor 'n immigrant se beroep om oormatige werks- en omgewingsverandering van immigrante en skoolverwisseling van immigrantekinders te beperk.

---

31. Vergelyk paragraaf 2.5.2.

(11) Die Departement van Verdediging moet assimilasie van tienderjarige immigrante bevorder deur 'n vorm van diensplig in te stel.

(12) Die regte klimaat moet vir die integrasie van immigrante geskep word deur vooggesinne en deur die outochtone bevolking op te voed tot aanvaarding van die immigrante as noodsaaklike en welkome potensiële landgenote.

(13) Maatreëls moet getref word om die betrokke gemeenskappe te stabiliseer.

(14) Onassimileerbare immigrante moet in die immigrasielande deur 'n kwotabeperking en selektiewe keuring aan bande gelê word. Die immigrasie van Mediterreense en Iranese immigrante behoort tydelik eers opgehef te word tot tyd en wyl die gesegregeerde immigrante geassimileer is, en daarna moet 'n kwotabeperking op hulle gehandhaaf word. Intussen moet die immigrasiepogings in die tradisionele Dietse stamlande verskerp word.

6.2.2 Immigranteonderwys moet gerig wees op die behoud van die Suid-Afrikaanse Protestants-godsdienstige tradisie in die onderwys

6.2.2.1 Die ideaal om die Protestants-godsdienstige tradisie te behou in die onderwys van die ondersoekterrein

Die wet op Nasionale Onderwysbeleid bepaal dat die onderwys in die R.S.A. 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede[32]. So word daar vir die ekumeniese doelstelling dat die onderwys verchristelik en nie verkerklik moet word nie, voorsiening gemaak[33]. Godsdiens is egter 'n belangrike

---

32. Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(a).

33. Van Wyk, J.H. Die Christelike skool. Studiestuk no. 7 van die COVSA, pp. 1 - 20.

faktor wat die nasionale karakter van die onderwys bepaal[34] en daar is dus 'n noue samehang tussen die Protestantse religie van die volk, of ten minste die meerderheid van die volk, en sy opvoedingstruktuur. Die ideaal in die onderwys van die ondersoekterrein is die behoud van die Suid-Afrikaanse Protestants-godsdienstige tradisie, karakter en godsdiensverhouding. Dit is derhalwe essensieel dat die immigrante die Protestantse geloofsoortuiging moet huldig en moreel assimileerbaar moet wees. Die huidige regering is aan die Protestantse belydenis gebonde, en daarom het die Staat, asook die Departement van Immigrasie 'n beskermings= funksie ten opsigte van die godsdiensverhouding en die Protes= tantse tradisie van die outochtone bevolking[35].

6.2.2.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die kriterium ten opsigte van die behoud van die Suid-Afrikaanse Protestants-godsdienstige tradisie in die onderwys

Die Protestantse geloofsoortuiging word in die ondersoek= terrein deur ongeveer 98% en in die R.S.A. deur ongeveer 90% van die blanke bevolking gehuldig[36]. Die Protestantse Suid-Afrikaners, hoofsaaklik nakomelinge van die Geuse en Hugenote, is geneig om die toenemende getalle Rooms-Katolieke, Grieks-Ortodokse en permissiewe immigrante as 'n hindernis in die weg van die natuurlike ontwikkeling van die nasionale karakter te beskou[37]. Hierdie konflik in die betrokke gemeenskap word daarin weerspieël dat die nie-Protestantse immigrante, onder andere om godsdienstige motiewe, voorkeur

---

34. Mallinson, V. Op. cit., pp. 39 - 41;
Hans, N. Op. cit., pp. 85 - 173.

35. Vergelyk paragraaf 2.5.2;
Republiek van Suid-Afrika. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 32, 1961.

36. Republiek van Suid-Afrika. Departement Statistiek. Statistiese Jaarboek 1970, p. A - 37.

37. Vergelyk paragrawe 2.3, 2.7, 3.3 en 4.5.2.2;
Minnaar, A.J. Kan Suid-Afrika Protestants bly? Die Kerkbode, Deel CX, Jaargang 124, no. 14, 4 Okt. 1972, pp. 429 - 431.

aan Engels as voertaal gee en dat die immigrantekinders in Engelsmediumskole en die private Engelsmediumskool akkumuleer[38]. Verder word dit weerspieël in die vertoë van die Protestantse kerke tot die regering om die Rooms-Katolieke immigrasie in nasionale belang te beperk[39]. Statistiek van die godsdiensverband van immigrante toon dat die huidige verhouding sterk beïnvloed word deur immigrasie van Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse immigrante, veral van die Mediterreense lande[40].

Dit wil voorkom of die Staat sy beskermingsfunksie ten opsigte van die godsdiensverhouding en die beskerming van die Protestantse tradisie ondergeskik aan ekonomiese en demografiese wins stel.

6.2.2.3 Voorstelle om die Protestants-godsdienstige tradisie in die onderwys van die ondersoekterrein te beskerm en te behou

Dieselfde neiging ten opsigte van immigrante van die tradisioneel Rooms-Katolieke Mediterreense lande kom ook in ander immigrasielande voor[41]. Die Rooms-Katolieke immigrante maak selfs in Switserland en Nederland, in oorwegend Protestantse gebiede, aanspraak daarop dat die Rooms-Katolisisme gehandhaaf moet word, en immigrantekinders akkumuleer gevolglik in Rooms-Katolieke skole in dié immigrasielande. 'n Soortgelyke godsdienstige patroon kom in Engeland by die Indiese Moslemimmigrante voor. Hierdie neiging is egter deur staatsingryping gestuit onder andere deur verspreiding, die handhawing van die staatsgodsdiens van die meerderheid van die outochtone bevolking en die beperking van die immigrasiekwota uit die Mediterreense en Moslemlande[42].

---

38. Vergelyk paragrawe 3.4.1 en 4.5.2.
39. Minnaar, A.J. Ibid., p. 430.
40. Republiek van Suid-Afrika. Departement Statistiek. Statistiese Jaarboek 1970, p. A - 37;
Vergelyk paragrawe 3.4.1.3, 4.3.2, tabel 22, en 4.5.2.
41. Vergelyk paragraaf 5.5.1.3.
42. Davie, M.R. World immigration with special reference to the United States, p. 557;
Power, J. Immigrants in school, p. 8;
Vergelyk paragraaf 5.5.1.3.

Indien vreemde religieuse dogmas in 'n land veld wen, sal dit uiteindelik as hindernis deurwerk na die pedagogiese terrein, en Hans waarsku tereg dat -

"a spiritual ideal transferred from a foreign country with a different tradition may become an obstacle to the growth of national culture and deter its progress[43]".

Aangesien dit duidelik blyk dat die Protestantse godsdienstige tradisie in die onderwys in die gedrang kom as die godsdiens= verhouding deur immigrasie versteur word, word aanbeveel:

(1) Die regering moet dringend versoek word om die immigrasie van Rooms-Katolieke, Grieks-Ortodokse en permissiewe immigrante te beperk en die Keurraad van die Departement van Immigrasie moet nouer let op die sedelike en gods= dienstige assimileerbaarheid van die immigrante.

(2) Die immigrante sowel as die Suid-Afrikaners moet voor= ligting ontvang ten opsigte van artikel 2(a) van Wet no. 39 van 1967.

(3) Die Suid-Afrikaners, veral die Afrikaanssprekendes moet hulle Christelike taak nakom teenoor die vreemdelinge in hulle midde, naamlik om medemenslik en harmonies met hulle as nuwe Suid-Afrikaners saam te leef sonder om die eie prys te gee.

6.2.3 Immigranteonderwys moet gerig wees op behoud van die tradisionele taalverhouding

6.2.3.1 Die ideaal om die taalverhouding te beskerm

Juis omdat die blankes in die R.S.A. twee gelykberegtigde amptelike tale het, is dit in nasionale belang dat die

---

43. Hans, N. Op. cit., p. 85.

taalverhouding van die outochtone bevolking, ook in die ondersoekterrein, nie deur immigrasie versteur word nie. Vandaar die beskermingsfunksie van die Departement van Immigrasie, die nasionale onderwysbeleidsbepaling dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê, en die moeder= taalbeginsel vervat in die bepalings van die medium van onderrig[44]. Waar die taalverhouding van Afrikaans tot Engels in die skole van Transvaal 7 : 3 en van die O.V.S., asook in die ondersoekterrein, 9 : 1 is[45], is die ideaal dat die immigrante se voertaalkeuse nie die taalverhouding ernstig moet versteur nie en dat Afrikaans, as oorwegende medium van onderrig en as taal van die sosiale taalomgewing, gehandhaaf en beskerm moet word . Aangesien Afrikaans die dominante voertaal van die omgewing is, en die immigrante hoofsaaklik deur medium van die taal van die omgewing in gesprek opgeroep word; en taal die primêre voorwaarde tot assimilasie is, is die ideaal dat die immigrante die oor= wegende voertaal van die omgewing, Afrikaans, primêr en sekondêr die ander gelykberegtigde taal, Engels, moet aan= leer. Die immigrante behoort Afrikaans te leer om hulle permanente vestiging te verseker en om die dreinering van intellektuele breinkrag deur emigrasie te voorkom. Deeglike beheersing van die medium van onderrig is ook 'n vereiste vir effektiewe deelname aan die pedagogies-didaktiese gebeure op skool, en omdat die sosiale en spelomgewing oorwegend Afri= kaans is, sal die kinders Afrikaans funksioneel geredeliker bemeester. As die kinders die hoofomgangstaal van die omge= wing bemeester, sal die totstandkoming van blywende taal= eilande ook grootliks voorkom kan word. Die Afrikaans= sprekendes verwag dat immigrante van die Dietse stamland Afrikaans as voertaal sal kies. Die ideaal is dat die Afrikaanssprekendes ook 'n getalsvermeerdering deur immigrasie sal toon.

---

44. Vergelyk paragrawe 2.5.2, 3.4.1 en 4.3.
45. Vergelyk paragraaf 3.4.1, tabel 13.

6.2.3.2 Toetsing van die onderwys in die ondersoek-terrein aan die kriterium ten opsigte van die behoud van die taalverhouding

Die bevinding is dat die Departement van Immigrasie in nasionale belang, wat in dié geval in ekonomiese terme ge-definieer word, immigrante in die Verenigde Koninkryk en die Mediterreense lande - wat 'n hoë immigrasiepotensiaal het - werf, omdat immigrante in die Dietse stamlande moei-lik bekombaar is. Daar dien op gelet te word dat die immi-grasie van Engelssprekende immigrante uit Noord-Amerika, die Verenigde Koninkryk en Oseanië jaarliks toeneem, sodat ongeveer 67% van alle immigrante Engelssprekend is[46]. Daar is reeds hoërop aangetoon dat 100% van die Engelssprekende immigrante volgens wetsvoorskrifte tot Engels as natuurlike ouerkeuse verplig word en dat Engels die kunsmatige ouer-keuse van 40% van die Kontinentaal-Germaanse en 97% van die Diverse immigrantekinders is[47]. Hierdie voorkeur aan Engels is nie regverdigbaar nie. Dit bring mee dat 82% van die immigrantekinders Engels as medium van onderrig kies in die oorwegend Afrikaanse omgewing, waar Afrikaans die voer-taal van 91% van die skoliere is. Die immigrante word in die verhouding 8 : 2 tot Engelse en Afrikaanse skole toe-gevoeg, wat versteuring van die taalverhouding veroorsaak omdat dit die omgekeerde is van die ideale verhouding ter beskerming van die taalverhouding. Verder gee die voorkeur aan Engels aanleiding tot die akkumulering van immigrante-kinders in Engelsmediumskole en die kunsmatige toename van Engelsmediumskole teen 'n ekstra koste van 'n half-miljoen rand per skool[48]. So bedreig die immigrante se voorkeur aan Engels en hulle taalgroepvorming die Engelssprekende Suid-Afrikaners se kultuur in skole en op speelterreine en die Afrikaanssprekendes se kultuur in woonbuurte rondom die Engelsmediumskole. Sowel die Engels- as die Afrikaans-sprekende Suid-Afrikaners wend verdedigingsmeganismes aan,

---

46. Vergelyk paragraaf 2.6.1, tabel 2.
47. Vergelyk paragrawe 3.4.1.3 en 3.4.1.4.
48. Vergelyk paragraaf 4.5.3.

byvoorbeeld uitwyking uit skole en woonbuurte om hulle Suid-Afrikaanse identiteit te behou[49]. Die voorkeur van immigrante aan Engels het ook ekonomies-materialistiese motiewe, want as hulle Engels bemagtig het, kan dit by terugkeer na hulle land van herkoms, of na 'n ander land waar Engels as lingua franca gebruik kan word, goed te pas kom. Daarby is dit nie bevorderlik vir permanente vestiging alhier nie, aangesien die grootste aantal emigrante vertrek na Engelssprekende lande en slegs 10% van die immigrante wat sedert 1961 geïmmigreer het, burgerskap aanvaar het[50]. Engelssprekende groepvorming rem voorts die versuidafrikaansing van Engelse immigrante omdat hulle hulle volkome kan uitleef in die Engelssprekende gemeenskap sonder om ooit die Afrikaanse kultuurpatroon te beleef. Hulle voorkeur aan Engels laat ook soms 'n gevoel van antagonisme by die Afrikaner jeens die immigrante ontstaan.

Die totstandkoming van vreemde taalgroepe, onder andere vanweë onassimileerbare getalle immigrante, en die immigrante se voorkeur aan Engels, waardeur die taalverhouding in die oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap versteur word, dui op leemtes ten opsigte van voorligting aan immigrante insake die taalonderwys van albei amptelike tale en op taalafstand. Dit dui ook op moontlike leemtes in die wetsvoorskrifte en administratiewe maatreëls ten opsigte van die bepaling van die medium van onderrig vir immigrante.

6.2.3.3 Voorstelle om die taalverhouding in die onderwys van die ondersoekterrein te beskerm

Die toenemende invloed van Engels in die ander immigrasielande, soos blyk uit die toenemende belangrikheid van Engels as tweede taal aldaar is 'n opvallende verskynsel[51].

---

49. Loc. cit.

50. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek. Kwartaal geëindig Junie 1974, Vol. 8 no. 2, p. 1 - 12.

51. Vergelyk paragraaf 5.3.6.

Immigrasielande soos Kanada, Switserland en België, wat elkeen meer as een amptelike taal het, het met dieselfde taalprobleem as wat in die ondersoekterrein ervaar word, te kampe, nl. dat immigrante die taal van 'n minderheidsgroep in die taalomgewing van die meerderheidsgroep as voertaal verkies met die oog op latere terugkeer na hulle land van herkoms of om te gebruik as lingua franca of om suiwer ekonomiese motiewe[52]. In al genoemde lande word immigrante egter verplig om die voertaal van die omgewing te aanvaar ten einde die voertaal van die omgewing te beskerm, 'n konfrontasie tussen bevolkingsgroepe te voorkom, die spoedige funksionele bemagtiging van die voertaal deur kinders te bevorder en kulturele en ekonomiese assimilasie te bevorder[53]. In lande met een amptelike taal is die aanleer van dié taal die primêre doel in die onderwys van immigrantekinders omdat die taal 'n bepalende faktor in integrasie en skolastiese prestasie is[54]. Met inagneming van voorgaande norm, die aangeduide leemtes en die benadering van die probleem in immigrasielande word die volgende aanbeveel:

(1) Om verengelsing deur immigrasie te voorkom, moet die kwota Engelssprekende immigrante beperk word.

(2) By keuring van immigrante vir staats- en semi-staatsprojekte moet voorkeur gegee word aan aanstaande immigrante wat gewillig is om Afrikaans as voertaal te aanvaar.

(3) Immigrantekinders moet na skole gekanaliseer word. Hiervoor is dit nodig dat die ouerkeuse ten opsigte van die medium van onderrig van nie-Engelssprekende immigrante moet verval en skole vir sodanige immigrantekinders aangewys moet word. Die omvang en rigting van

---

52. Vergelyk paragraaf 5.3.4.3
53. Loc. cit.
54. Vergelyk paragraaf 5.5.1.4.

die toevloei van immigrantekinders moet met behulp van die Departement van Immigrasie, wat oor alle inligting aangaande die vestiging van immigrante beskik, binne die verhouding van 1 : 9 na Engelsmedium- en Afrikaansmediumskole in die O.V.S. en binne die verhouding 3 : 7 vir Transvaal gekanali=seer word.

(4) Vir Engelssprekende immigrante moet Engels die medium van onderrig wees, tensy die immigranteouers Afrikaans verkies.

(5) Afrikaans moet die verpligte medium van onderrig vir alle Vlaamse en Nederlandse immigrante wees.

(6) Kontinentaal-Germaanse immigrante, insluitende Skandinawiërs moet waar moontlik deur medium van Afrikaans as naaste ver=wante amptelike taal onderrig word.

(7) Afrikaans moet ook as voertaal geld vir Franssprekende Belge, wat Nederlands reeds as tweede taal ken.

(8) Vanweë die oorwig Engelssprekende immigrante moet ook die Diverse groep immigrante verplig word tot Afrikaans as voertaal om te voorkom dat die taalverhouding in die land versteur word.

(9) Die groep Diverse immigranteouers moet oorreed word om vir hulle kinders die hoofvoertaal van die omgewing en provinsie, en in die geval van rondtrekkende konstruksie=werkers die hoofvoertaal van die platteland te kies, omdat hulle as individue deel is van 'n sosiale taalomgewing. Dit is immers aksiomaties dat die kind die taal van die omge=wing geredeliker aanleer.

(10) Portugese moet tot Afrikaans as voertaal oorreed word.

(11) Franse moet tot Afrikaans as voertaal oorreed word omdat dit duidelik is dat hulle kinders Afrikaans veel gouer as Engels bemagtig.

(12) Tsjegge moet tot Afrikaans as voertaal oorreed word omdat hulle dit veel gouer as Engels bemagtig en geen uitspraakprobleme ervaar nie.

(13) Kinders van die duisende persone, wat as vreemdelinge volgens art. 5 van wet no. 1 van 1937 met 'n tydelike permit onder die Departement van Binnelandse Sake ressorteer en na toelating as besoekers goedgekeur word as immigrante, moet ook volgens bogenoemde reëlings na skole gekanaliseer word. Slegs in die geval van diplomatieke verteenwoordigers en van werknemers van buitelandse firmas moet uitsonderings oorweeg word.

(14) Geen geldelike staatsteun moet aan private skole van vreemde taalgroepe toegestaan word nie.

6.2.4 Die immigranteonderwys moet gerig wees op die bemagtiging van die tweede amptelike taal

6.2.4.1 Die ideaal dat immigrantekinders ook die tweede amptelike taal moet bemagtig

Aangesien die R.S.A. oor twee amptelike, gelykberegtigde tale beskik, is die ideaal dat die immigrantekinders ook die tweede amptelike taal moet aanleer. Hulle moet egter eers die voertaal konsolideer.

6.2.4.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die kriterium ten opsigte van die bemagtiging van die tweede amptelike taal

Daar is hoërop aangedui dat immigrantekinders, wat nie een van die amptelike voertale magtig is nie en wat die twee amptelike tale gelyktydig moet aanleer, in hulle bemagtiging van die voertaal gerem word en dat dit by hulle ook taalverwarring skep[55]. Daar is ook aangetoon dat immigrantekinders

---

55. Vergelyk paragraaf 4.3.

wat Engels as medium van onderrig magtig is, of bemagtig, swak gemotiveerd is om Afrikaans as tweede amptelike taal aan te leer. Hierdie tendens kom egter in mindere mate voor by immigrantekinders wat Afrikaans as medium gekies het.

6.2.4.3 Voorstelle ten opsigte van die immigrantekinders se bemagtiging van die tweede amptelike taal

Alhoewel dit geensins as ideale model beskou moet word nie, sal dit waarskynlik lonend wees om daarop te let dat twee- en meertalige lande in die buiteland immigrantekinders vrystel van die taak om twee amptelike tale gelyktydig te bemeester[56]. Immigrantekinders leer aanvanklik net die medium van onderrig, wat ook die omgewingstaal is, aan en maak eers 'n aanvang met die tweede amptelike taal nadat die voertaal gekonsolideer is, of neem die eie moedertaal as tweede taal. Histories is daar nog altyd in die R.S.A. daarna gestrewe om die voertaal eers te konsolideer en daarna die tweede amptelike taal goed aan te leer.

In die lig van die leemtes ten opsigte van moedertaalbemagtiging in die ondersoekterrein en die ervaring, asook die gebruike in die buiteland, word die volgende aanbeveel:

(1) Immigrantekinders wat nie die medium van onderrig magtig is nie, moet aanvanklik intensiewe taalonderrig slegs in die voertaal ontvang, en 'n aanvang met die tweede amptelike taal moet eers na ongeveer ses maande tot twee jaar gemaak word, en wel nadat leerlinge die voertaal gekonsolideer het.

(2) Immigrantekinders wat reeds Engels as medium van onderrig magtig is, moet onmiddellik Afrikaans deur medium van intensiewe taalonderwys aanleer en gemotiveer word om dit deur funksionele taalkontak in die Afrikaanssprekende sosiale omgewing te gebruik.

---

56. Vergelyk paragraaf 5.5.1.4.

6.2.5 Die immigranteonderwys moet in gewone openbare skole plaasvind

6.2.5.1 Die ideaal dat die immigranteonderwys in gewone openbare skole moet plaasvind

Aangesien die onderwys, en by name die openbare skool, by uitstek geskik is om die immigrantekind op te voed in die volkskultuur van die R.S.A. met die oog op latere burgerskap, is dit essensieel dat immigrantekinders onderwys deur medium van een van die amptelike tale van die R.S.A. en Suid-Afrikaanse moedertaalonderwys, wat uit die kultuurlewe van die volk gekristalliseer het, gratis in die openbare skole ontvang[57]. Hulle moet ook aan dieselfde kurrikulêre en buite-kurrikulêre aktiwiteite deelneem as en saam met Suid-Afrikaanse kinders om maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kultuur en leefwyse blootgestel te word met die oog op inskakeling daarby.

Immigrantekinders moet die gewone openbare skole bywoon omdat dié skole die effektiefste sosialiserings-, assimilisasie- en versuidafrikaansingsmedia is. Die skole is juis so effektief omdat hulle die fokuspunt van sosiale aktiwiteite is, hulle 'n dwarssnit van die bevolking verteenwoordig en omdat hulle ook aan immigrante die geleentheid bied om nie net deur die kurrikulum nie maar ook deur assosiasie en interaksie met die outochtone kinders die Suid-Afrikaanse leefwyse te leer ken, te beleef, na te boots en te aanvaar. So sal hulle die gevoel ervaar dat hulle hier hoort. Bywoning van die openbare skool bied ook aan immigrantekinders gelyke status en werksgeleentheid met die outochtone kinders in die sosiale en arbeidswêreld.

---

57. Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid,no. 39 van 1967, art. 2(e);

    Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R. 2029, Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, p. 18.

6.2.5.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die kriterium betreffende immigranteonderwys in gewone openbare skole

Daar is bevind dat, alhoewel die immigrantekinders in die ondersoekterrein voldoen aan gewone skoolbesoekeise deur bestaande openbare skole by te woon, talle nog met die oog op onderwys in hulle eie moedertaal Duitse, Franse, Italiaanse, Griekse en Portugese private immigranteskole teen hoë koste ná die gewone skoolure besoek[58]. Dit is opvallend dat hierdie private immigranteskole, wat as verdedigingsmeganismes gestig is om die taal en kultuur van die herkomsland te behou, van 1961 af slegs in die yster-en-staalnywerheidsgebied voorkom en hoofsaaklik deur kinders wat Engelsmediumskole bywoon, besoek word[59]. Die funksionering van sommige van hierdie skole in klaslokale van die Rooms-Katolieke en Engelsmediumskole dra by tot die voorkeur aan Engels deur en die akkumulering van immigrantekinders in Engelsmediumskole.

Die totstandkoming van hierdie private middag-, aand- of naweekskole hou verband met die bestendige en groot toevloei van immigrante uit die betrokke emigrasielande, want slegs groot getalle en groepsvestiging maak instandhouding van sodanige skole moontlik. Hierdie parogiale skole is dikwels die voorlopers van private dag- of ghettoskole vir immigrante asook uitlandse gemeenskappe en taaleilande, wat assimilasie rem en in stryd is met die Christelike-nasionale onderwysstrewe vanweë die segregerende effek wat vir die ontvangende bevolking "lijkt als een afscheiding op nationaliteitsbasis" [60]. Immigrantegroepsvorming is strydig met die struktuur en eenheidsbelange van die Suid-Afrikaanse blanke volk[61]. Dit is ook in 'n demokratiese land nie te veel van immigrante gevra om in hulle eie belang en vir spoedige assimilasie op onderwysgebied

---

58. Vergelyk paragrawe 3.4.3.4.2 en 4.6.
59. Loc. cit.
60. Menges, L.J. Geschiktheid voor emigratie, p. 112.
61. Du Plessis, A.P. Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika, p. 226.

te konformeer en lojaal te wees aan die universele waardes van die outochtone bevolking nie[62].

6.2.5.3 Voorstelle om bywoning van openbare skole deur immigrantekinders te bevorder

Die neiging by immigrante om hulle eie skole te stig, kom ook in ander immigrasielande voor waar dit immigrante vrystaan om private immigranteskole te besoek, maar die neiging word afgekeur en ontmoedig soos onder andere blyk uit die klassieke geval van die Pole in Engeland[63]. Dit word in die buiteland aanvaar dat dit nie in nasionale belang is om skole wat vreemd is aan die tradisionele kultuur en gemeenskap toe te laat nie[64].

Met inagneming van die genoemde kriteria, die leemtes in die ondersoekterrein en die gebruike in ander immigrasielande word voorgestel:

(1) Immigrantekinders moet slegs die openbare skole bywoon en saam met die Suid-Afrikaanse kinders gratis onderwys ontvang sodat hulle deur gesamentlike deelname aan dieselfde kurrikulêre en buite-kurrikulêre aktiwiteite maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kultuur blootgestel kan word.

(2) Voorligting moet aan immigranteouers gegee word oor die nadelige opvoedkundige gevolge van die belewing van twee kulture en van kulturele segregasie.

(3) Waar nodig en as die getalle dit regverdig, moet onderwys deur medium van die immigrante se moedertaal as oorgangsmaatreël, onder toesig van die skoolhoof vir enkele periodes per week gegee word - indien geskikte personeel beskikbaar is.

---

62. Hans, N. Ibid., p. 41.
63. Vergelyk paragrawe 5.3.9.4 en 5.5.1.7.
64. Koch, H.R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p. 64; Vergelyk paragraaf 5.5.1.7.

(4) Waar nodig en doenlik moet die moedertaal van immigrante as derde taal geld en die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of die betrokke onderwysdepartement se sillabus moet in die betrokke taal gevolg word selfs tot op matrikulasievlak.

(5) Geen geldelike staatsteun moet aan private immigranteskole gegee word nie.

6.2.6 Immigrantekinders moet voldoen aan die gangbare skoolplig

6.2.6.1 Die ideaal dat immigrantekinders moet voldoen aan die gangbare skoolplig

Dit is pedagogies essensieel dat die immigrantekinders moet voldoen aan dieselfde eise betreffende skoolplig as die Suid-Afrikaanse kinders[65]. Sodoende word hulle nie net horisontaal oor kontakvlak heen nie, maar ook longitudinaal oor tyd, maksimaal blootgestel aan die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit is vroeër aangedui dat die inskakelingsvatbaarheid en skolastiese prestasie van immigrantekinders positief korreleer met die tydperk wat hulle die openbare Suid-Afrikaanse skool bywoon en met hulle verblyf in die land omdat verpligte onderwys die segregerende invloed wat die immigrantehuisgesin uitoefen, verswak en die immigrantekind verplig om daagliks die Suid-Afrikaanse kultuur in die skool te beleef[66].

6.2.6.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die eise ten opsigte van skoolplig

Dit het in die ondersoek aan die lig gekom dat die verskil in skoolplig tussen die R.S.A. en lande van herkoms probleme

---

65. Vergelyk paragrawe 4.2, 3.4.2 en 4.4;
Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(d);
Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R. 2029, Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, p. 19.

66. Vergelyk paragraaf 4.7.

veroorsaak ten opsigte van die uiteenlopende onderste skoolgrens[67]. Dit bring mee dat sommige immigrante=kinders wat reeds in hulle land van herkoms een jaar op skool was, alhier nog nie skoolpligtig is nie. Die uit=eenlopende boonste skoolpliggrens bring mee dat sommige immigrantekinders, wat reeds in hulle lande van herkoms die skool verlaat het, weer in die R.S.A. skoolpligtig is. Die verskille in skoolplig dra by tot verskille in skolastiese niveau, probleme met plasing in klasse en die probleem van die deurganger wat van skoolplig vry=gestel word en gevolglik swak toegerus is om kultureel te integreer en ekonomies produktief en mededingend te wees.

6.2.6.3 Voorstelle ten aansien van skoolplig vir immigrantekinders

Die ander immigrasielande wat immigrantekinders van dieselfde lande as die R.S.A. ontvang, ervaar 'n soortgelyke probleem insake verskil in skoolplig[68]. Om te kompenseer vir die taal- en kultuurafstand, verskil in skolastiese niveau en kulturele verstokenheid, en met die oog op ekonomiese in=skakeling, word die immigrantekinders allerweë verplig om te voldoen aan die gewone vereistes betreffende skoolplig, bv. deur verpligte bywoning van kleuterskole, of direkte toelating saam met hulle eie ouderdomsgroep, of ten opsigte van die onderste of boonste skoolpliggrens en verpligte voortgesette taal- en tegniese of beroepsonderwys. Terug=plasing vanweë 'n gebrek aan taalvaardigheid word nie toege=laat nie en immigrante moet saam met hulle eie ouderdoms=groep vorder[69].

Met inagneming van die gestelde kriterium, die misstande in die ondersoekterrein en gebruike in ander immigrasielande, word ten opsigte van skoolplig van immigrantekinders voorgestel:

---

67. Vergelyk paragraaf 4.4.
68. Vergelyk paragraaf 5.5.1.5.
69. Vergelyk paragrawe 5.3.2.9 en 5.3.3.9.

(1) Ten opsigte van die onderste skoolpliggrens:

(a) Vyfjarige immigrantekinders wat reeds op skool was en wat die voertaal van die skool magtig is, moet tot Graad 1 toegelaat word.

(b) Vyfjariges wat reeds op skool was, maar nie die voertaal van die skool magtig is nie, moet tot pre-primêre onderwys verplig word ten einde die voertaal paties aan te leer.

(2) Ten opsigte van skoolpligtige immigrantekinders:

(a) Die immigrantekinders wat die voertaal of 'n verwante taal magtig is, moet volgens die normale ouderdomspan, in tabel 26 aangedui, ingedeel word.

(b) Die skoolpligtiges, wat nie die voertaal magtig is nie, moet volgens die ouderdomspan wat ontluiking in ag neem, soos in tabel 26 vervat, ingedeel word en wel volgens klasindelingsmaatreëls wat verderaan verduidelik sal word.

(c) Terugplasing vanweë gebrekkige taalbeheersing moet nie toegelaat word nie.

(3) Ten opsigte van die boonste skoolpliggrens moet adolessente immigrante nie van skoolplig vrygestel word nie. Hulle klasindeling moet soos vir skoolpligtige leerlinge gereël word volgens die gangbare klasindelingsmaatreëls met die oog op gedifferensieerde onderwys[70].

(4) Immigranteouers moet voorligting ontvang ten aansien van hulle plig om toe te sien dat hulle kinders die skool gereeld besoek, en in geval van skoolversuimprobleme moet die skoolbesoekbeampte en welsynwerkster se hulp ingeroep word[71].

---

70. Instituut vir opvoedkundige navorsing. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolverlating as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika. Deel 1. R.G.N. Verslag no. 0 - 1, 1972, p. 1 - 222.

71. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.2.3.

(5) Immigrantekinders moet deur die Departement van Verdediging tot redelike militêre diens verplig word.

6.2.7 Toelating en groepering van immigrantekinders

6.2.7.1 Ideale ten opsigte van die toelating en groepering van immigrantekinders

Die ideaal is dat onderwys aan immigrantekinders net soos aan Suid-Afrikaanse kinders verskaf word ooreenkomstig die behoeftes, bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge en die behoeftes van die land, en dat gepaste voorligting in dié verband aan immigranteleerlinge verstrek word[72]. Omdat taal die primêre faktor is wat die pedagogiese inskakeling van immigrantekinders, asook hulle skolastiese prestasie bepaal, moet die onderwysmaatreëls vir die toelating, plasing en groepering van immigrantekinders in belangrike mate gerig wees op voertaalbemagtiging. Diegene wat nog nie die medium van onderrig magtig is nie, moet horisontaal en vertikaal maksimaal blootgestel word aan die Suid-Afrikaanse kinders en milieu sodat hulle deur fisiese en sosiale taalinteraksie en kontak met die Suid-Afrikaners 'n funksionele kennis van die voertaal kan opbou[73]. Hulle moet die taal op geselstrant beheer om hulle skolastiese, sosiale en kulturele integrasie te bespoedig. Die ideaal is voorts dat die groepering so gereël word dat ook die Suid-Afrikaanse kinders nie benadeel of gerem word nie. Die Suid-Afrikaners sowel as die immigrante moet so gegroepeer word dat hulle optimaal gemotiveer word en leergeleentheid kry. Die Suid-Afrikaners moet op hulle beurt blootgestel word aan die immigrantekinders. Slegs deur effektiewe interaksie sal die twee groepe mekaar leer ken, die regte sosiale houding teenoor mekaar verwerf en hulp aan mekaar kan verleen met die oog op uiteindelike koeksistensie en medemenslike harmoniese saamleef. Ten slotte hou die ideaal in dat besondere maatreëls getref word vir

---

72. Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(f).

73. Vergelyk paragraaf 4.3.

opname van en voorsiening vir immigrante in pre-primere onderwys[74], ontvangsentra[75], gewone klasse en taalontrekkingsklasse[76], voorbereidende kwartaal- of semesterklasse[77], jaarinhaalklasse[78] en aanvullende maatreëls[79].

6.2.7.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die kriteria ten opsigte van ontvangs, toelating en groepering van immigrantekinders

Die probleem in die didakties-pedagogiese situasie van die ondersoekterrein is dat die kontinuïteit van opvoeding en onderwys nie meer noormaalweg in klasse verloop nie vanweë die aanwesigheid van 'n toenemende aantal oneweredig verspreide immigrantekinders, wat in variërende mate - afhangende van hulle blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur - vreemd is[80].

Daar heers klaarblyklik 'n gebrek aan definitiewe riglyne, wat die groepering en klasindeling van immigrantekinders bemoeilik. Hierby word die taak ook bemoeilik deur die volgende faktore: taalprobleme, wat dit ook moeilik maak om gestremde kinders dadelik te identifiseer; die immigrantekinders se variërende kennis van die medium van onderrig; 'n gebrek aan kennis van die gemeenskaplike omgangstaal wat taalgroepsvorming bevorder; immigrantekinders wat in die R.S.A. gebore is en nogtans nie 'n amptelike voertaal by toelating tot 'n skool magtig is nie[81]; die akkumulering

---

74. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.1.
75. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.2.
76. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.3.
77. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.4.
78. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.5.
79. Vergelyk paragrawe 6.2.7.3.6 en 6.2.7.3.7.
80. Vergelyk paragrawe 4.5 en 4.7.
81. Vergelyk paragraaf 4.3.

van immigrantekinders in sekere skole, wat die gewenste numeriese verhouding tussen verskillende groepe immigrante=kinders en Suid-Afrikaanse kinders in skole, klasse en kur=susse versteur en wat optimale interaksie tussen Suid-Afrikaners en immigrante sowel as die skolastiese vordering van outochtone kinders rem; die neiging van outochtone kinders tot uitwyking as beskermingsmeganisme teen immigranteakkumulering; die oneweredige numeriese verhouding en onderlinge vreemdheid tussen verskillende etniese groepe immigrantekinders[82]; en gebrek aan psigometriese en skolastiese inligting oor immi=grantekinders[83].

6.2.7.3 Voorstelle ter verbetering van die toelating en groepering van immigrantekinders

Probleme soos hierbo genoem kom ook in ander immigrasielande voor. In verskeie van die lande word egter voortreflike maat=reëls geneem om immigrantekinders die taal en kultuur so gou moontlik te laat aanleer en assimilasie te bevorder. Daar word veral gebruik gemaak van pre-primêre onderwys, ontvang=sentra, direkte opname in gewone klasse, elastiese integrasie, kwartaal- of semesterklasse, jaarinhaalklasse en klasse vir adolessente[84].

Met inagneming van die voorgaande word aanbeveel dat ontvangs, toelating en groepering van immigrantekinders in die ondersoek=terrein op 'n wyse moet geskied soos saamgevat in tabel 55 hieronder en wat by elkeen van die volgende paragrawe af=sonderlik bespreek word.

---

82. Vergelyk paragraaf 4.5.
83. Vergelyk paragrawe 4.3 en 4.7.
84. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.

Ouderdom in jare			4 5	6 7 8 (9)	9 10 11 (12) (13)	13	13 14 15 (16)	15 16 17(18 19)	Immigranteouers
Ontvangs			Ontvangsentrum vir die kanalisering van alle immigrantekinders						
Skoolfase			Pre-primêr	Junior primêr	Senior primêr		Junior sekondêr	Senior sekondêr	
Standerd			Kleuter-skool	Gr. 1 - St. 1	Sts. 2 - 4 en voorlopig 5	Eenjarige inpassingsklas	(5) 6 7	8 - 10	
Direkte en elastiese integrasie (Opname in gewone klasse) en Taalonderwys in onttrekkingsklasse	Engelssprekende immigrantekinders	Afrikaans tweede taal	Engelsmedium kleuterskole	Besondere aandag deur klasonderwyseres	Onttrekkingsklas gedurende Afrikaanse periodes + 1 uur per week na skool		Onttrekkingsklas gedurende Afrikaanse periodes + 1 uur per week na skool of 1 kwartaal na September		(1) Afrikaans en/of Engels vir immigrante-ouers by Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys 10 weke gratis 2 x 2 uur per week.
	Kontinentaal-Germaanse Dietse immigrantekinders	Afrikaansmedium	Afrikaansmedium kleuterskole	Besondere aandag deur klasonderwyseres	Onttrekkingsklas gedurende alle taalperiodes vir 2 tot 4 weke		Onttrekkingsklas gedurende alle ±10 taalperiodes vir 2 tot 4 weke		
		Engels tweede taal			Indien nodig onttrekkingsklas gedurende Engelse periodes		Indien nodig onttrekkingsklas gedurende Engelse periodes		
	Andersprekende Diverse immigrantekinders	Afrikaansmedium Taalonderrig uitsluitlik in Afrikaans totdat die voertaal gekonsolideer is	Afrikaansmedium kleuterskole	Besondere aandag deur klasonderwyseres	Onttrekkingsklas gedurende alle taalperiodes en 1 uur per week na skool Remediërende Onderwys		Elastiese integrasie deur immigrante te onttrek gedurende periodes van vakke wat 'n uitgebreide woordeskat vereis. Intensiewe taalonderrig vir ten minste 3 uur per dag		(2) Afrikaans en/of Engelse geselskap 10 weke 2 x 2 uur per week.
		Engels tweede taal		Besondere aandag deur klasonderwyseres	Onttrekkingsklas gedurende Engelse periodes en 1 uur per week na skool		Onttrekkingsklas gedurende Engelse periodes + 1 uur per week na skool		(3) Afrikaans en/of Engels gevorderd 10 weke 2 x 2 uur per week.
Kwartaal-, termyn- of trimesterklasse	Andersprekende Diverse immigrantekinders	Afrikaansmedium Taalonderrig uitsluitlik in Afrikaans totdat Afrikaans as voertaal gekonsolideer is					Versadigingskursus in taal		
		Engels tweede taal Begin na konsolidasie van Afrikaans					Onttrekkingsklas gedurende Engelse periodes + 1 uur per week na skool		
Jaar-inhaalklas	Andersprekende Diverse immigrantekinders	Voertaal	Een jaar intensiewe taalonderwys en vakonderwys om skolastiese agterstand in te haal						
Aanvullende maatreëls	Alle immigrantekinders	Vakansieskool, benutting van koshuise, skooltoere en naskooluurse versorgingsentra							

6.2.7.3.1 Immigrantekinders moet pre-primêre onderwys ontvang

6.2.7.3.1.1 Die ideaal van voorskoolse onderwys aan immigrantekinders

Die ideaal is dat immigrantekinders wat nog nie skoolpligtig is nie en spesifiek diegene wat nog nie die voertaal magtig is nie, ten minste een jaar voorskoolse onderwys saam met Suid-Afrikaanse kinders moet ontvang met die oog op maksimale blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur ter bevordering van sosialisering, skoolgereedheid en patiese verwerwing van die medium van onderrig. So sal immigrantekinders wat in 'n besonder ontvanklike en plastiese lewensfase is, geredeliker direk met Suid-Afrikaanse kinders in Graad 1 geïntegreer kan word en die normale kurrikulum kan volg. Die huidige groot persentasie immigrantekinders wat nog nie die voertaal in Graad 1 magtig is nie en ongetwyfeld daardeur 'n groot onderwysprobleem skep, sal deur so 'n jaar van pre-primêre onderwys drasties verminder word[85].

6.2.7.3.1.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die eise ten opsigte van pre-primêre onderwys

Die ondervinding in die ondersoekterrein dui daarop dat immigrantekinders wat die kleuterskole bywoon die voordeel het dat hulle Engels as medium van onderrig binne vier tot vyf maande deur spel met hulle maats aanleer, skoolgereed word en direk geïntegreer kan word in Graad 1[86]. Hulle skolastiese prestasie en inskakeling is ook aansienlik beter as van diegene wat die voertaal, hetsy in isolasie of direk, moet aanleer in Graad 1[87].

Daar is slegs parallel-, dubbel- en Engelsmediumkleuterskole in die oorwegend Afrikaanssprekende ondersoekterrein en 127

---

85. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabelle 29 en 31.
86. Onderhoude met hoofde van kleuterskole.
87. Vergelyk paragraaf 4.7.2.3.2.2, tabel 39.

immigrantekinders, waarvan 39 Kontinentaal-Germaans is, besoek die skole[88]. Soos reeds elders aangedui, besoek die kleuters dié skole hoofsaaklik om Engels as medium van onderrig aan te leer. Daar bestaan geen twyfel dat aan= moediging en fasiliteite om Afrikaans op pre-primêre vlak aan te leer ontoereikend is nie. Dit is ook duidelik dat 'n groot aantal immigrantekinders - ook talle wat in die R.S.A. gebore is - ongeag hulle verblyf in die R.S.A. - nog nie een van die amptelike tale as medium van onderrig op skoolgaande ouderdom magtig is nie. Hierdie leerlinge word nie alleen daardeur skolasties gerem nie, maar dit oefen ook 'n ver= tragende invloed uit op die Suid-Afrikaanse kinders[89].

6.2.7.3.1.3 Voorstelle ten opsigte van pre-primêre onderwys vir immigrantekinders

Voorskoolse immigrantekinders word in verskillende immigrasie= lande verplig om die kleuterskole so jonk moontlik by te woon ten einde die medium van onderrig paties aan te leer[90]. Die spontane leerbereidheid van die kinders op hierdie ouderdom word gemotiveer deur spel, omgang met hulle outochtone speel= maats en hulle strewe om deur die outochtone kinders verstaan en aanvaar te word. Tegelykertyd word hulle sosiaal en kul= tureel verryk en vorder hulle tot skoolgereedheid[91].

Met inagneming van geformuleerde kriteria ten opsigte van pre-primêre onderwys vir immigrantekinders in die ondersoek= terrein, die aangeduide leemtes en reëlings in ander immigrasie= lande in dié verband word die volgende aanbeveel:

(1) Immigrasieamptenare moet immigranteouers inlig dat dit in belang is van hulle voorskoolse kinders, wat nie die medium van onderrig magtig is nie, om pre-primêre onderwys te ontvang.

---

88. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
89. Vergelyk paragrawe 3.4.4.2 en 3.4.4.3.
90. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.
91. Vergelyk paragraaf 5.3.9.5.1.

(2) Immigrantekinders wat nog nie skoolpligtig is nie, moet verplig word om kleuterskole volgens die voertaalaanbe= velings hierbo gemaak by te woon. Hoofde van kleuterskole moet in dié verband geadviseer word. Daarna moet hulle direk tot gewone Graad 1-klasse, volgens die aanbevelings in verband met taalmedium en verspreiding, toegelaat word tot skole. So kan die onnodige hoë persentasie immigrante= kinders wat nog nie die medium van onderrig in Graad 1 magtig is nie, verminder word tot slegs diegene wat ge= durende die jaar waarin hulle tot Graad 1 toegelaat word, immigreer.

(3) Minstens twee staatsondersteunde pre-primêre skole moet in die yster-en-staalnywerheidsgebied en een in die petro= chemiese nywerheidsgebied voorsien word. By die skrywe hiervan was daar leë lokale wat hiervoor en ook as ontvang= sentra kan dien by die Afrikaansmedium primêre skole wat in tabel 56, hieronder figureer.

(4) In die groot yster-en-staalnywerheid self, wat sowel mans- as vroueimmigrante grootskaals in diens neem, moet 'n kleuterskool en 'n kindersorgsentrum ingestel word. 'n Dergelike bewaarplek en kleuterskool moet ook by die sentrale petrochemiese nywerheid opgerig word.

6.2.7.3.2 Ontvangsentra moet voorsien word vir skoolpligtige immigrantekinders

6.2.7.3.2.1 Die ideaal van die ontvangs van skoolpligtige immigrantekinders in ontvangsentra

Die ideaal by die toelating van skoolpligtige immigrantekinders is om die immigrantekinders te identifiseer en dadelik die mak= simum inligting ten opsigte van hulle kulturele herkoms, skolas= tiese en sosio-ekonomiese agtergrond, kennis van die twee

amptelike tale en verstandelike potensiaal te verkry en te dokumenteer met die oog op voorligting en gedifferensieerde onderwys[92]. Uitkenning, plasing en groepering van immigrante=kinders moet geskied op grond van beskikbare gegewens ten opsigte van skolastiese vordering en prestasie voor vertrek uit die tuis=land, meting deur gestandaardiseerde skolastiese toetse, bio=grafiese gegewens, mediese verslag, persoonlikheidsondersoek, aanleg, kultuurvrye verstandstoetse en chronologiese ouderdom. Dit is belangrik om gestremde immigrantekinders wat nie vol=doende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale verloop van die onderwys verskaf word nie, maar nogtans opvoedbaar is, so gou moontlik uit te ken sodat hulle onderwys van gespesialiseerde aard in spesiale klasse of skole kan ont=vang. Daarom is dit die ideaal dat daar in die ondersoekterrein 'n sentrale ontvangsentrum moet wees, wat oor die dienste van spesiaal opgeleide persone beskik om bogenoemde gegewens van immigrantekinders te bekom, te dokumenteer en te interpreteer alvorens immigranteouers geadviseer en hulle kinders tot skole toegelaat word. Immigrasiebeamptes en hoofde van skole moet alle immigrante eers na hierdie sentrale sentrum verwys. Langs hierdie weg kan immigrantekinders ook volgens aanbevelings ten opsigte van voertaal en verspreiding gekanaliseer word. Die ideaal is ook dat hierdie ontvangsentrum moet dien as skakel tussen immigrasie en onderwys en tussen die outochtone gemeen=skap, die immigrante en die skool.

6.2.7.3.2.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein met betrekking tot ontvangsentra

Probleme word in die ondersoekterrein ondervind om immigrante=kinders wat die land wettig binnegekom het met die oog op waar=skynlike permanente vestiging, te identifiseer en te onderskei van onwettige immigrante, migrerende en besoekende skoliere[93]. Dit is moeilik om tans by skooltoelating die nasionale en

---

92. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R. 2029, Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, p. 20.

93. Vergelyk paragrawe 1.4.1 en 4.7.3.5.

kulturele herkoms van die immigranteouers, -voogde en -kinders vas te stel. Verslae van skoolpligtige immigrantekinders se skolastiese en intelligensievermoë is dikwels onverkrygbaar, en gevolglik is dit moeilik om gestremde leerlinge te identi= fiseer met die oog op buitengewone onderwys en om immigrante vir differensiasiedoeleindes te groepeer[94]. Gebrekkige kommunikasie met immigrante bemoeilik ook voorligting[95]. Dit blyk ook dat die hoë persentasie immigrantekinders wat van skole verwissel, hulle konsentrasie in sommige skole en wille= keurige verandering van medium van onderrig, pedagogies nadelig is[96]. Daar is tans in die ondersoekterrein nog geen stappe in die rigting van instelling van ontvansentra merkbaar nie.

6.2.7.3.2.3 Voorstelle ten opsigte van toelating en ontvangs van immigrantekinders

Verskillende ander immigrasielande oorkom baie van die probleme wat ook in die ondersoekterrein ondervind word, deur immigrante te verplig om 'n verslag van die vorige skoolhoof te verkry en saam met hulle immigrasiepermitte en paspoorte waarop hulle herkoms verskyn, in te dien by die sentrale ontvangsentrum of omgewingskool[97]. In verskillende lande word immigrantekinders by die ontvangsentra, waarheen hulle deur immigrasiebeamptes en skoolhoofde verwys word, met behulp van 'n tolk deur die sentrum se personeel getoets en word alle moontlike inligting aangaande hulle versamel en gedokumenteer[98]. Ouers word daar voorgelig en ontvang dikwels ook taalonderwys. Leerlinge word dan vol= gens die verspreidings- en vestigingsbeleid na skole verwys om onnodige verwisseling van skole te voorkom[99]. By sommige sentra ontvang immigrante tot ses weke lank onderrig in die taal en die leefwyse van die land om die immigrasieskok te versag en integrasie te bevorder

---

94. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.4.
95. Vergelyk paragraaf 4.3.
96. Vergelyk paragraaf 4.7.2.3.2.4.
97. Vergelyk paragraaf 5.5.1.6.
98. Vergelyk paragraaf 5.3.9.5.2.
99. Vergelyk paragraaf 5.5.1.2.

Met inagneming van die kriteria ten opsigte van ontvangsentra, die leemtes in die ondersoekterrein en die pogings in ander immigrasielande aangewend in dié verband, word die volgende voorgestel:

(1) 'n Immigranteontvangsentrum moet ôf by die immigrasiekantore ôf by die skoolkliniek by die skoolraadskantore in die yster-en-staal- sowel as die petrochemiese nywerheidsgebied ingestel word. Die sentrum moet as brug tussen immigrante, die onderwys en die outochtone gemeenskap dien.

(2) Die personeel van die ontvangsentrum moet onder toesig van 'n deskundige oor immigranteonderwys staan en moet ten nouste saamwerk met die plaaslike inspekteur van onderwys, volks= welsynsamptenaar, plaaslike owerhede, kerke en skoolsiel= kundiges. Behalwe die diens wat die personeel van die skoolkliniek kan lewer, moet die ontvangsentrum beskik oor 'n ervare voorligtingsonderwyser, tolk, spraakterapeut, welsynsbeampte en een of meer taalspesialiste.

(3) Alle skoolpligtige immigrantekinders moet deur die welsyns= beamptes van die immigrasieorganisasies, die Maatskappy vir Europese Immigrasie, die 1820 Memorial Settlers' Association en die nywerhede, asook deur skoolhoofde na die ontvang= sentrum verwys word.

(4) Alle beskikbare skolastiese inligting van die kind moet indien nodig met behulp van 'n tolk verkry word, te wete oor die immigrasiepermit, paspoort, geboortesertifikaat, skolastiese prestasie by die vorige skool, ouers se beroep en werkgewer.

(5) Die skoolsielkundige moet met behulp van die tolk die immigrantekind se skolastiese en intelligensievermoë benader sodat die verstandelik en/of kultureel gestremde

leerlinge reeds hier geïdentifiseer kan word. Psigometriese toetse wat kultuurvry is, moet vir die doel gebruik word.

(6) Die taalspesialis moet die kind se vaardigheid in albei amptelike tale evalueer.

(7) Die welsynsbeampte en voorligter moet intussen die ouers inlig oor die onderwys, die amptelike tale en die plek van die ouer in die onderwys. Hulle moet bande lê tussen huis en skool, wat met nabesoeke verstewig moet word.

(8) Ouers moet geadviseer word dat hulle voorskoolse kinders pre-primêre onderwys moet ontvang.

(9) Die immigrantekinders moet volgens al die beskikbare inligting en volgens die amptelike beleid in verband met voertaal, verspreiding en differensiasie, na spesifieke skole gekanaliseer word. Die immigrantekinders wat nie die medium van onderrig magtig is nie en intensiewe taal= onderwys nodig het, moet volgens verdere groeperingsmaat= reëls na 'n skool met 'n taalonttrekkingsklas, soos verderaan aanbeveel, gestuur word, en hulle mag onder geen omstandig= hede in klasse geplaas word waar hulle geen begrip van die taal het nie.

(10) Ouers en leerlinge moet volledig ingelig word oor onmiddellike onderrig wat die kind moet ontvang, terwyl aanvullende inlig= ting oor latere onderwys ook in 'n onderwysinligtingsbrosjure verstrek moet word.

(11) Die hoof van die ontvangsentrum moet taal- en kultuur= oriënteringsklasse vir immigranteouers reël en in dié opsig ouers van outochtone leerlinge betrek.

(12) Die hoof van die ontvangsentrum moet statistiek in verband met toevloei en verspreiding van immigrantekinders kon= troleer en byhou.

6.2.7.3.3 Direkte integrasie en die taalonttrekkingsklas

6.2.7.3.3.1 Die ideaal van direkte integrasie en taalonttrekkingsklasse

Die ideaal is dat die kontinuïteit van die opvoeding vir die immigrantekind ononderbroke moet wees of so gou moontlik na immigrasie herstel moet word, sodat die immigrantekinders in die kortste tyd volgens hulle bekwaamheid, aanleg en belangstelling die normale kurrikulum kan volg en sodat die onderwys vir die Suid-Afrikaners en die immigrantekinders so normaal as moontlik verloop.

Die ideaal is dat immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie en dit gnosties moet aanleer, dit so gou as moontlik moet doen deur maksimale blootstelling aan en taalkontak met Suid-Afrikaanse leerlinge en deur meer elastiese taalonttrekkingsklasse sonder om die vordering van die Suid-Afrikaanse kinders te rem. Die immigrantekinders moet dus, afhangende van hulle kennis van die medium van onderrig, so gou moontlik direk in die idiostante kultuurkring van die skool en gewone klas ingedeel word vir maksimale blootstelling aan die Suid-Afrikaanse milieu, maar met inagneming van die beskerming van die outochtone leerlinge en die nasionale karakter van die skool en klas[100]. Voorsiening moet gemaak word vir taalonttrekkingsklasse om direkte integrasie ook moontlik te maak vir intelligente goed aangepaste immigrante wat nog die tweede amptelike taal moet aanleer.

6.2.7.3.3.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein ten opsigte van direkte integrasie en taalonttrekkingsklasse

Immigrantekinders word met die uitsondering van Graad 1-klasse in die Engelsmedium primêre skool no. 1 in die ondersoekterrein, ongeag hulle ouderdom of kennis van die medium van onderrig,

---

100. Vergelyk paragraaf 6.2.1.1.

direk in klasse ingedeel[101]. Vanweë hulle toenemende getalle in klasse van skole waarin hulle akkumuleer, versteur hulle die nasionale karakter van die idiostante kultuurkring[102]. Ouer immigrante wat die taal gnosties aanleer, kan ook vir geruime tyd nie die normale kurrikulum volg nie vanweë hulle onvermoë om die medium van onderrig baas te raak in die beperkte onderrig=tyd wat in taalonttrekkingsklasse daarvoor toegelaat word. Waar direkte integrasie egter sonder oorlading van klasse met immi=grantekinders geskied, is gevind dat dit die voordeel het dat immigrantekinders die korrekte taalgebruik van die outochtone kinders hoor; hulle kry die geleentheid om die taal mondeling te gebruik en leer dit gouer aan; hulle inskakeling word nie vertraag nie en versuidafrikaansing geskied geleidelik onder natuurlike omstandighede[103]. Waar die getalle immigrante=kinders die aanstelling van 'n spesiale taalonderwyser regverdig, word hulle vir een tot twee periodes per dag onttrek vir taal=onderwys. Alhoewel hulle taal leer gedurende die onttrekkingsklas is die onderrig nie intensief genoeg nie en woon hulle nog klasse by van vakke wat 'n omvangryke woordeskat vereis en waarin hulle dan stom is vanweë gebrek aan begrip. Die meer elastiese taal=onttrekkingsklas van die parallelmedium sekondêre skool waarheen immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie vir inten=siewe taalonderwys onttrek word, is effektiewer as die taal=onttrekkingsklasse wat een of twee periodes per dag duur[104].

6.2.7.3.3.3 Voorstelle ter verbetering van direkte integrasie en taalonttrekkingsklasse

In verskillende immigrasielande word immigrantekinders wat die medium van onderrig beheer of dit paties aanleer, direk in klasse geïntegreer[105]. Daar is gewoonlik 'n beperking van ongeveer vier

---

101. Vergelyk paragrawe 3.4.4 en 4.7.2.3.2.
102. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.
103. Vergelyk paragraaf 4.7.
104. Vergelyk paragraaf 3.7.
105. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.

immigrante per klas om funksionele taalinteraksie en maksimale kultuurkontak te bevorder en remming van die outochtone kinders te beperk. Sodoende word die immigrantekinders in staat gestel om so gou moontlik die normale sillabus te volg, terwyl hulle gedurende taalperiodes indien nodig intensiewe taalonderwys in 'n taalonttrekkingsklas ontvang.

Elastiese integrasie word in sommige immigrasielande gebruik om goed aangepaste immigrantekinders die voertaal so gou as moontlik te laat leer, omdat dit inskakeling vergemaklik sonder die frustrerende skeiding van die outochtone kinders[106]. Die immigrante word vir sosiale aktiwiteite en praktiese vakke wat nie veel taal vereis nie, met outochtone leerlinge geïntegreer, maar hulle word gedurende periodes van vakke wat 'n goeie woordeskat vereis, in klein groepies onttrek vir intensiewe taalonderrig van tien tot vyftien uur per week.

Met inagneming van die gestelde kriteria, die aangeduide leemtes in die ondersoekterrein en pogings ten opsigte van direkte plasing en meer elastiese integrasie wat elders aangewend word, word die volgende aanbeveel:

(1) Immigrantekinders wat die medium van onderrig as moeder-, omgewings- of kleuterskooltaal effektief bemagtig het, moet direk in klasse geïntegreer word in oorleg met die aanbevelings van die ontvangsentra. Daar moet egter nie meer as vier of vyf immigrante per klas toegelaat word nie. Hulle moet onmiddellik 'n aanvang maak met intensiewe onderrig van die tweede amptelike taal in taalonttrekkingsklasse. Hierdie klasse moet volgens die ouderdom van die leerlinge varieer tussen twee en vyf uur per week gedurende die gewone tweedetaalperiodes, of gedurende lestye van praktiese vakke.

---

106. Vergelyk paragrawe 5.3.8 en 5.5.1.8.

(2) Immigrantekinders wat die medium van onderrig as verwante taal verstaan, moet direk uit die ontvangsentra in klasse geïntegreer word volgens die aanbevelings hierbo in ver= band met taal, skoolplig en verspreiding. Gedurende tweedetaal- en praktiese periodes moet hulle ongeveer vyf uur per week in taalonttrekkingsklasse gekonsentreerde onderrig in die voertaal ontvang totdat hulle dit vlot ken. Daarna moet hulle gedurende die tweedetaalperiodes en na skool verspreide onderrig in die tweede taal ontvang tot tyd en wyl hulle by die normale klasse kan inskakel.

(3) Immigrante wat glad nie die voertaal magtig is nie en jonger as 9 is, moet in die junior primêre fase in Grade 1 en 2, met 'n beperking van 4 - 5 immigrante per klas, direk by gewone klasse ingedeel word sodat hulle met be= hulp van die klasonderwyseres en die Suid-Afrikaanse kinders die voertaal paties kan aanleer. Dit is wenslik dat die aantal leerlinge in so 'n klas tot hoogstens 25 beperk word sodat die onderwyseres meer individuele hulp aan die immigrante kan verleen. Hulle moet onder geen omstandighede as vreemde groep in die klas behandel word nie; moet die normale kurrikulum volg, en die klas= onderwyseres wat die beste vertroud is met hulle taal= tekorte, moet aanvullende taalonderrig aan hulle verskaf; en hulle moet onder geen omstandighede uit die klas ont= trek word vir intensiewe taalonderrig gedurende periodes van Skoolmusiek, Kuns en Liggaamlike Opvoeding nie. Indien die skoolvervoerreëlings dit moontlik maak, moet naskoolse aanvullende taalhulp van ongeveer 30 minute per dag aan hulle verleen word.

(4) Immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie en ouer as nege is, moet ook direk met Suid-Afrikaanse kinders in klasse geïntegreer word. Die immigranteleerlingtal moet dan tot vyf per klas en die totale aantal leerlinge per klas

tot 25 beperk word. Sodanige immigrante moet gedurende Engelse en Afrikaanse periodes onttrek word vir intensiewe taalonderwys in die voertaal totdat hulle dit magtig is. Hulle kan aanvanklik ook uit lesperiodes van vakke wat 'n omvattende woordeskat vereis, onttrek word.

(5) Goed aangepaste immigrantekinders wat ouer as 12 is en nie die voertaal magtig is nie, moet op elastiese wyse geïntegreer word by 'n skool vervat in tabel 56 of by die skool waarheen hulle gekanaliseer word. Die immigrantekinders moet volgens die aanbevelings van die ontvangsentrum vir maksimale taalkontak met Suid-Afrikaanse kinders gedurende skoolbyeenkomste, sosiale funksies en gedurende lesperiodes van vakke soos Liggaamlike Opvoeding, Kunsvlyt, Basiese Tegnieke, Huishoudkunde, Klasmusiek en Wiskunde saam met Suid-Afrikaanse kinders in klasse gegroepeer word. Hulle moet egter vir intensiewe taalonderrig onttrek word gedurende lesperiodes van vakke wat 'n uitgebreide woordeskat en begrip van taal vereis soos Godsdiens, Jeugweerbaarheid, die twee amptelike tale, Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurwetenskap. Hierdie lesperiodes moet vir intensiewe taalonderrig slegs in die medium van onderrig benut word en wel vir ten minste drie uur per dag, met ander woorde vir 15 uur per week. Namate die kinders die voertaal beheer, kan hulle eers vir lesperiodes van Godsdiens en Jeugweerbaarheid geïntegreer word en later vir die orige vakke. Eers wanneer die kind die voertaal gekonsolideer het, kan 'n aanvang met die tweede taal, gedurende die periodes van die tweede amptelike taal, gemaak word. Nadat die immigrantekinders totaal geïntegreer is, moet hulle nog progressiewe taal- en vakonderwys ontvang om die taal- en vakagterstand in te haal.

(6) Die adolessente, wat nie die voertaal magtig is nie en geen na-primêre onderwys ontvang het nie, moet deur middel

van elastiese integrasie die Praktiese Beroepsgerigte Kursus volg en intensiewe taalonderwys, ten minste in een amptelike taal ontvang. Aangesien hulle van net soveel ekonomiese waarde as hulle ouers en die Suid-Afrikaanse werklui is, mag daar nie teen hulle gediskrimineer word nie, en daar moet ook voorsiening gemaak word vir beroepsvoorligting en werkverskaffing aan hierdie leerlinge.

(7) Die intensiteit van die taalonderwys moet met ouderdom toeneem.

(8) Die intensiewe taalonderwys in die taalonttrekkingsklasse moet deur 'n onderwyser(es) wat opgelei is in die aanvangsonderwys van die betrokke taal gegee word. Die klasonderwyser(es) moet gedurende gewone lesperiodes van ander vakke deur middel van groepwerk daarvoor voorsiening maak dat die immigrante ooreenkomstig hulle taalbehoefte gehelp en vertroud gemaak word met die vakwoordeskat. Uitgesoekte Suid-Afrikaanse leerlinge moet ook betrek word om die immigrante-leerlinge te help om die taal aan te leer.

(9) Taalonttrekkingsklasse moet ingestel word, aangesien immigrantekinders die nuwe voertaal nie effektief kan aanleer deur blote verkeer met outochtone leerlinge nie. Intensiewe aanvullende taalonderwys is essensieel vir die effektiewe bemagtiging van 'n nuwe taal. Omdat die klasonderwyser(es) nie in al die taalbehoeftes van immigrante kan voorsien sonder om afbreuk aan die vordering van die Suid-Afrikaanse kinders te doen nie, is dit wenslik om spesiale onderwysers (esse) op voltydse, deeltydse of rondreisende basis te voorsien, volgens die personeelvoorsieningskale van tabelle 58 en 59, om taalonttrekkingsklasse in die twee amptelike tale en daaropvolgende aanvullende taalonderwys te behartig[107].

(10) Indien die aantal immigrantekinders in 'n skool nie die aanstelling van 'n spesiale taalonderwyseres of die instelling van 'n taalonttrekkingsklas regverdig nie, moet die

---

107. Vergelyk paragraaf 6.2.11, tabel 58.

immigrantekinders wat 'n behoefte aan taalonderwys het, in die verskillende skole van 'n bepaalde gebied tydelik byme=kaar gebring word om 'n taalonttrekkingsklas by 'n sentraal geleë skool vervat in tabel 56 in te stel[108].

Tabel 56

Aanbeveling van skole vir taalonttrekkingsklasse

Gebied	Primêre skole	Komprehensiewe eenhede
Yster-en-staalnywer=heidsgebied		
Noord van nasionale pad	Vierde Afrikaans=medium	Eerste Afrikaans=medium
	Eerste Engels=medium	Tegniese skool
Suid van nasionale pad	Agtste Afrikaans=medium	Engelsmedium
	Tweede Engels=medium	Derde Afrikaans=medium
Petrochemiese nywer=heidsgebied	Eerste parallel=medium	Sekondêre parallelmedium
		Tegniese skool

Die betrokke immigrantekinders moet dan daagliks per bus vervoer word na die sentrale skool waar hulle volgens direkte klasindelings- en taalonttrekkingsmetodes onderrig ontvang tot tyd en wyl hulle nie meer spesiale intensiewe taalhulp nodig het nie en hulle na die skool waaraan hulle toegewys is, moet terugkeer.

(11) Taalonttrekkings- of deurgangsklasse moet ter wille van individuele werk so klein moontlik (beperk tot vyf leer=linge) en so homogeen moontlik wees ten opsigte van die

---

108. Vergelyk paragraaf 6.2.11.3.

taalkennis en die ouderdom van die leerlinge. Daarom moet taalonttrekkingsklasse van tyd tot tyd hergroepeer word: beginners, leerlinge met geringe, beperkte en gevorderde taalkennis, taalverrykingsgroepe en remedi= ërende of taalaanvullingsgroepe moet afsonderlike groepe vorm.

(12) 'n Spesifieke klaslokaal moet vir 'n taalonttrekkingsklas aangewys word met die oog op effektiewe gebruik van die talle hulpmiddels wat nodig is vir spesiale taalonderwys. Hier moet skakeling ook tussen immigrante en die skool plaasvind.

(13) Die taalpraktikum moet intensief benut word vir immigrante= leerlinge wat die taal gnosties aanleer.

6.2.7.3.4 Kwartaal-, termyn- of trimesterklasse vir inten= siewe voorbereidende taalonderwys

6.2.7.3.4.1 Die ideaal van kwartaal-, termyn- of trimester= klasse vir intensiewe voorbereidende taalonderwys

Die ideaal is dat ouer immigrantekinders, wat nie die voertaal magtig is nie, wat groter inskakelingsprobleme ondervind en die voertaal noodwendig in 'n korter periode voor skoolverlating moet aanleer, die voertaal so gou moontlik moet aanleer om die normale kurrikulum te kan volg sonder om die vordering van outochtone leerlinge te rem. Dit is ook die ideaal dat laat= kommers wat ná September, aan die einde van die Europese skooljaar, arriveer gedurende die laaste kwartaal of termyn intensiewe taalonderwys ontvang sodat hulle redelik taal= gereed kan wees aan die begin van die nuwe skooljaar[109].

6.2.7.3.4.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein met betrekking tot in= tensiewe voorbereidende taalonderwys

Met uitsondering van die parallelmedium sekondêre skool in die petrochemiese nywerheidsgebied word daar geen voorsiening vir

---

109. Vergelyk paragraaf 1.1.

intensiewe voorbereidende aanvangstaalonderrig in sekondêre skole in die ondersoekterrein gemaak nie[110]. Gevolglik sit talle immigrante maande lank sonder enige begrip in die klas en verlaat hulle die skool moedeloos of keer terug na die land van herkoms.

6.2.7.3.4.3 Voorstelle vir intensiewe voorbereidende taal=onderwys in kwartaal-, termyn- of trimester=klasse

Verskillende ander immigrasielande wat hierdie behoefte van ouer immigrante gepeil het, maak voorsiening vir die sinvolle instelling van kwartaal- of semesterklasse sodat immigrante die voertaal so gou moontlik kan aanleer[111].

Met inagneming van die gestelde ideale, die aangeduide tekortkomings in die bestaande onderwys in die ondersoek=terrein en die pogings wat in ander immigrasielande met vrug aangewend word, word die volgende aanbeveel:

(1) Veral vir sekondêre-skoolimmigrante moet intensiewe voorbereidende taalklasse ingestel word slegs in die voertaal. Hierdie klasse moet een kwartaal, termyn of trimester duur, moet hoogstens 15 leerlinge per klas bevat en kan in die ondersoekterrein geredelik ingestel word by skole vervat in tabel 56, wat elkeen met 'n taal=praktikum vir senior leerlinge toegerus moet word[112]. Immigranteleerlinge wat nie die medium van onderrig magtig is nie, die junior of senior sekondêre skoolfases wil voltooi en die taal so gou moontlik moet aanleer om die gewone kurrikulum te volg, moet in hierdie klasse intensiewe taalonderwys ontvang. Skoolvervoer moet

---

110. Vergelyk paragraaf 3.4.4.
111. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.
112. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3, tabel 56.

gereël word sodat skoolgrense nie die sinvolle instelling van sulke klasse belemmer nie. Dié klasse moet so hetero=geen as moontlik saamgestel word wat spreektale betref om immigranteleerlinge te dwing om slegs deur medium van die amptelike voertaal te kommunikeer en om taalgroepvorming te voorkom. Die klas moet verkieslik as integrale deel van die betrokke skool funksioneer om isolasie van immi=granteleerlinge van die outochtone leerlinge te voorkom. Immigranteleerlinge moet by wyse van afwisseling van die versadigingskursus in taal, geleenthede tot kontak en sosiale interaksie kry gedurende lesperiodes wat nie 'n omvangryke woordeskat vereis nie soos onder andere Liggaamlike Opvoeding, Wiskunde, Kuns, skoolbyeenkomste en buitemuurse aktiwiteite. Die leerlinge moet vir ten minste vier uur per dag intensiewe onderrig in die voer=taal ontvang, en hulle oorplasing na gewone klasse moet volgens die diskresie van die taalonderwyser(es) in oor=leg met die voorligter en skoolhoof geskied. Na oor=plasing moet hulle progressiewe vak- en taalonderwys ont=vang om hulle agterstand in te haal.

(2) Die immigranteleerlinge moet 'n aanvang met die aanleer van die tweede amptelike taal maak eers nadat die voertaal ge=konsolideer is. Indien hulle egter eers in standers 8, 9 of 10 arriveer, moet hulle van die tweede amptelike taal=eksamen vrygestel word, aangesien hulle reeds 'n geweldige skolastiese aanpassing ten aansien van die vreemde voertaal moet maak[113].

(3) Immigranteleerlinge wat drupsgewys, veral aan die einde van die Europese skooljaar in September arriveer, moet dadelik in hierdie klasse geplaas word om die voertaal aan te leer ten einde taalgereed te wees aan die begin van die daarop=volgende skooljaar.

---

113. Vergelyk paragraaf 6.2.9.3.

(4) Engelssprekende immigranteleerlinge wat eers gedurende die laaste kwartaal of trimester van die jaar in die sekondêre skole arriveer, moet gedurende die tydperk op bogenoemde wyse intensiewe onderrig in Afrikaans ontvang.

6.2.7.3.5 Eenjarige inhaalklas

6.2.7.3.5.1 Die ideaal dat immigrantekinders hulle skolastiese agterstand moet inhaal

Die ideaal is om in uitsonderlike gevalle spesiale onderwys met behulp van inhaalklasse wat oor 'n skooljaar strek, te verskaf aan immigranteleerlinge wie se onderwysstandaard te kort skiet by dié van hulle portuurgroep in die ondersoekterrein. So kan hierdie kinders, wat 'n skolastiese agterstand het, kultureel verstoke is, die taal moeilik aanleer en moeilik inskakel, gehelp word om die groot kultuurafstand te oorbrug deur intensiewe taalonderwys maar ook deur intensiewe onderwys in die vakke van die gewone kurrikulum[114]. Hierdie reëlings voorkom ook dat sodanige leerlinge die outochtone leerlinge se vordering rem.

6.2.7.3.5.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein ten opsigte van jaarklasse om skolastiese agterstand in te haal

In die ondersoekterrein moes die Engelsmedium primêre skool no. 1 vanweë die akkumulering van hierdie tipe immigrante in die skool spesiale klasse instel om te voorkom dat Suid-Afrikaanse kinders se vordering gerem word[115]. In die Engelsmedium sekondêre skool is immigranteleerlinge wel in 'n inpassingsklas geplaas, maar slegs om hulle taalagterstand in te haal. Só is

---

114. Vergelyk paragraaf 3.4.4.3.
115. Loc. cit.

intelligente immigrante by milieugestremde Suid-Afrikaanse leerlinge geplaas, en nie een van die twee groepe het daarby gebaat nie[116].

6.2.7.3.5.3 Voorstelle dat immigrantekinders hulle skolastiese agterstand deur middel van 'n jaarklas inhaal

Die immigrasielande Wes-Duitsland, Switserland, Frankryk en Engeland het respektiewelik op sekondêre vlak sogenaamde Auffangklassen, Aufholkurse, la classe d'Initiation annuelle en adaptation classes. Hierdie klasse het gewoonlik 'n maksimum van 20 leerlinge en is ingestel vir die groot aantal immigranteleerlinge van die Mediterreense en ontwikkelende lande wie se onderwysstandaard laer is as dié van die immigrasielande. In die klasse word gepoog om die groot taal- en kultuurafstand met behulp van intensiewe taal- en vakonderwys te oorbrug en om die immigrante so spoedig moontlik toe te rus om die gewone sekondêre kurrikulum te volg[117].

In die lig van die gestelde kriterium, die blootgelegde leemtes in die ondersoekterrein en die pogings elders in dié verband aangewend, word die volgende voorgestel:

(1) Waar die aantal immigrantekinders, veral dié afkomstig uit die Mediterreense en ontwikkelende lande, wat gewoonlik 'n skolastiese agterstand toon, dit regverdig, moet jaarklasse met 'n maksimum van 15 leerlinge strekkende tot op St. 5-peil ingestel word. Vir die doeleindes van die ondersoekterrein kan dit by 'n primêre skool of skole uit tabel 56 geskied[118]. Skoolgrense moet nie die sinvolle samestelling van hierdie tipe klasse benadeel nie, en intensiewe voertaal- en vakonderwys moet gegee word om agterstande in te haal. Dié klasse moet so heterogeen as moontlik wees om leerlinge te forseer om deur middel van die voertaal te kommunikeer. Aangesien 'n belangrike doel met hierdie klasse is

116. Vergelyk paragraaf 3.4.4.2.
117. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.
118. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.3.3, tabel 56.

om immigrantekinders die voertaal deur middel van inten=siewe taalonderrig te laat bemagtig, moet ook hulle eers 'n aanvang met die tweede amptelike taal maak nadat die voertaal gekonsolideer is. Lede van hierdie klasse moet ook saam met die outochtone leerlinge gegroepeer word vir praktiese vakke soos Liggaamlike Opvoeding, Kunsvlyt, Skoolmusiek, Basiese Tegnieke en buitemuurse aktiwiteite om te voorkom dat hulle geïsoleer word en om hulle deur medium van die voertaal te laat kommunikeer.

(2) Immigranteleerlinge wat weens immigrasie en taaltekorte agtergeraak het, reeds 13 jaar oud is, nog nie in St. 5 geslaag het nie, maar wel die vermoë het om voldoende voordeel uit die gewone onderwys te trek om tot die Standerd 10-Standaardgraad of ten minste tot St. 8 te kan vorder, moet liefs nog 'n jaar in die primêre skool bly. Daar moet egter gepoog word om hierdie leerlinge, wat nie na 'n spesiale klas of skool oorgeplaas moet word nie, reeds vroeg uit te ken sodat gepoog kan word om hulle agterstand met daadwerklike remediërende hulp in St. 3 en St. 4 in te haal.

(3) Immigranteleerlinge wat aan die einde van 'n jaar 13 word, nog nie in St. 5 geslaag het nie en nie voldoende voor=deel uit die gewone onderwys van St. 5 kan trek nie, moet aangemoedig word om in die daaropvolgende jaar die Prak=tiese Beroepsgerigte Kursus te volg. Die praktiese benadering van laasgenoemde kursus sal die immigrante in staat stel om dit sonder onoorbrugbare skolastiese probleme te voltooi.

(4) Immigranteleerlinge wat ouer as 13 is, moet met inagneming van laasgenoemde voorstelle, direk in die Praktiese Beroeps=gerigte Kursus ingedeel word.

6.2.7.3.6 Voldoende voorsiening moet gemaak word vir remediërende onderwys vir immigrantekinders

6.2.7.3.6.1 Die noodsaaklikheid van remediërende onderwys vir immigrantekinders

Dit is noodsaaklik dat alle immigrantekinders nadat hulle direk geïntegreer is ortodidaktiese hulp of remediërende onderwys in alle vakke - maar veral in die voertaal - moet ontvang om hulle taalagterstand uit te wis. Hiervoor moet hulle afsonderlik van outochtone leerlinge gegroepeer en benader word omdat immigrante se leerprobleme en behoeftes aan remediërende onderwys noodwendig, vanweë hulle taalagterstand, van dié van die outochtone leerlinge verskil[119].

6.2.7.3.6.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein insake remediërende onderwys

Daar word geen voorsiening gemaak vir aanvullende taalonderwys of remediërende hulp aan immigranteleerlinge in sekondêre skole van die ondersoekterrein nie, terwyl primêre skole beperkte voorsiening vir remediërende onderwys maak, en waar dit wel plaasvind, word dit aan immigrante en outochtone leerlinge in dieselfde klasse en op dieselfde wyse gegee[120].

6.2.7.3.6.3 Voorstelle vir remediërende onderwys vir immigrantekinders

Immigrasielande soos Israel, Wes-Duitsland, Switserland, Engeland en Frankryk verleen na direkte integrasie toepaslike aanvullende en remediërende onderwys aan afsonderlike groepe immigranteleerlinge, en wel na skoolure[121].

---

119. Vergelyk paragraaf 5.3.9.5.7.
120. Vergelyk paragrawe 3.6 en 4.8.
121. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.

In die lig van die voorgaande word aanbeveel dat:

alle immigranteleerlinge wat na direkte integrasie normale remediërende onderwys nodig het, ten minste een uur per week na skool intensiewe remediërende onderwys ontvang in die voertaal, en later ook in die tweede taal en in die vakke waarin hulle leerprobleme en 'n skolastiese agterstand toon.

6.2.7.3.7 Vakansieskole en plattelandse skole en koshuise moet by die onderwys van immigrantekinders betrek word

6.2.7.3.7.1 Die ideaal om vakansieskole, plattelandse skole en koshuise vir die onderwys van immigrantekinders te benut

Onderwysfutorologies word toenemende verstedeliking en werkende immigrantemoeders voorsien. Om immigrantekinders met die hele spektrum van hulle nuwe vaderland en sy mense te laat kennis=maak en optimale interaksie met alle fasette, minstens van die blanke bevolking te bevorder, is dit ideaal om vakansieskole in die natuur en in plattelandse skole en koshuise te benut om groepe immigrantekinders in sodanige skole op te neem. Daarby moet immigranteouers aangemoedig word om hulle kinders na platte=landse skole met koshuise te stuur. So sal hulle die Suid-Afrikaanse kultuur en natuur in sy verskeidenheid beleef en tegelykertyd hulle woordeskat en taalgebruik verbeter[122].

6.2.7.3.7.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein ten opsigte van aan=wending van vakansieskole en plattelandse skole en koshuise

Geen kinders in die ondersoekterrein trek enige voordeel uit die Maatskappy vir Europese Immigrasie, die Rotariërs of Rapportryers se vakansieprojekte nie, en talle immigrante is vanweë immigrasie nie finansieel in staat tot bydraes vir vakansietoere nie[123].

---

122. Vergelyk paragrawe 4.2.2 en 4.3.1.

123. Onderhoude met hoofde van skole en persoonlike waarneming.

Die enkele immigrantekinders wat wel in plattelandse skole en koshuise was, praat die voertaal vlot[124].

6.2.7.3.7.3 Voorstel om vakansieskole en plattelandse skole en koshuise te benut in die onderwys van immigrantekinders

In Engeland, maar veral in Israel, word grootskaals gebruik gemaak van vakansieskole en vakansietaalprojekte, veral om die immigrantekinders tot taal te motiveer[125].

In die lig van bogemelde ideaal, die leemtes in die ondersoekterrein en die gebruike in ander immigrasielande word die volgende aanbeveel:

(1) Immigranteleerlinge moet saam met Suid-Afrikaanse leerlinge, wie se ouers smiddae werk, in naskooluurse versorgingsentra - wat moontlik by een of meer van die skole van tabel 56 ingestel kan word - versorg word[126]. So kan die gehalte van skoolwerk, taalinteraksie en sosiale verkeer met die Suid-Afrikaners verbeter word.

(2) Groepe immigrantekinders moet gedurende skoolvakansies, of vir 'n kwartaal, saam met Suid-Afrikaanse leerlinge die Glenmoreskool besoek ten einde assimilasie en taalvaardigheid van die immigrantekinders te bevorder.

(3) Vakatures in plattelandse skoolkoshuise moet benut word vir immigrantekinders wie se ouers na immigrasie met maatskaplike probleme of ongunstige werksure te kampe het of van wie albei ouers werk, of wie se ouers graag van die geleentheid gebruik wil maak om hulle kinders maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kultuur bloot te stel met die oog op taalinteraksie en inburgering. Dit is egter uit die aard van immigrasie voor die hand liggend dat die immigrantegesin 'n hegte eenheid vorm, en dit is wenslik om die kinders en ouers nie gou te skei nie.

---

124. Persoonlike waarneming en onderhoude met immigrantekinders.

125. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.

126. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.3.3, tabel 56.

(4) Vakansieskole moet in plattelandse omgewings vir immigrante=leerlinge gereël word en hulle moet aangemoedig word om plekke soos die taalplaas van "Studeer op Safari" gedurende skoolvakansies te besoek en om Landsdienskampe by te woon.

6.2.8 Besondere leerstof ter versuidafrikaansing van immigrantekinders

6.2.8.1 Die ideaal van versuidafrikaansing deur leerstof

Die ideaal is dat die kultuur en waardesisteem van die outochtone gemeenskap ook deur middel van die leerstof so gou moontlik aan immigrantekinders oorgedra word om hulle vreemdheid te elimineer en hulle kultureel in te skakel sonder om die kultuurgoedere wat vir hulle na aan die hart lê, prys te gee of te verloën. Omdat sowel die estetiese vakke as die buitemuurse aktiwiteite kommunikasie en groepsaktiwiteit sonder taal moontlik maak, is die ideaal dat hierdie vakke die eerste kontakpunte vir die immigrante behoort te wees[127]. Dit is egter essensieel dat die immigrante die voertaal moet kan implementeer om die Suid-Afrikaanse werklikheid te eksploreer en die Suid-Afrikaans georiënteerde leerstof te verstaan en te bemagtig. Die ideaal is dat die immigrantekinders ook die tweede amptelike taal moet aanleer en dat hulle die tale wat hulle by hulle aankoms reeds ken, as keusevakke moet kan neem. Die leerstof van iedere vak van die kurrikulum, maar veral van Godsdiens, Jeugweerbaarheid, taalkundig-literêre, histories-sosiale en politieke vakke behoort enersyds voorsiening te maak om by die outochtone Suid-Afrikaanse kinders die nodige begrip vir die immigrante en hulle herkoms te laat bybring sodat hulle die immigrante kan aanvaar. Hierdie vakke moet egter andersyds voorsiening maak vir die behoud van die Suid-Afrikaners se identiteit en hulle weerbaarheid teen vreemde invloede van immigrasie. Voorts moet die inhoud van hierdie vakterreine die weg tot die kultuurlewe en kennisvorme van die Suid-Afrikaanse volk open, wat lei

---

127. Vergelyk paragraaf 3.5.

tot transkulturele onderwys, akkulturasie en burgerskap van die immigrant[128]. Immigrantekinders wat swak presteer in teoreties-wetenskaplike vakke, moet aangemoedig word om die prakties-tegniese en kommersiële vakke te neem vanweë hulle taalagterstand en om ekonomiese redes.

6.2.8.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein ten opsigte van leerstof

Daar is bevind dat waar immigrantekinders verspreid in die Suid-Afrikaanse idiostante kultuurkring blootgestel is aan die Suid-Afrikaanse kultuur en leerstof, hulle die voertaal gou aanleer. Vanweë hulle vermoë tot kommunikasie word hulle deur die outochtone kinders aanvaar, oorbrug hulle die kultuurafstand en breek hulle suksesvol deur tot die Suid-Afrikaanse werklikheid[129]. Dit blyk egter dat die waarde van die estetiese vakke en buitemuurse aktiwiteite nie altyd besef word nie, omdat hierdie vakperiodes juis vir aanvullende taalonderrig gebruik word en omdat nie toe=gesien word dat immigrantekinders grootskaals aan groepsakti=witeite deelneem nie. Daar word ook van immigrante verwag om die twee amptelike tale gelyktydig aan te leer sodat diegene wat nie een van die amptelike tale ken nie die eerste taal moeilik konsolideer[130].

Voldoende geleentheid word ook nie aan immigrante gegee om hulle moedertaal en ander, vir hulle bekende tale, as keusevakke te neem nie. Voorts is daar weinig of geen pogings teëgekom op ander vakterreine wat eksplisiet ter inskakeling en versuid=afrikaansing van immigrantekinders toegepas word. Dit blyk ook dat daar ten opsigte van differensiasie en vak- en kursuskeuse leemtes ten opsigte van voorligting bestaan[131].

---

128. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R. 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, p. 18; Republiek van Suid-Afrika. Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, no. 44 van 1949.
129. Vergelyk paragraaf 4.7.2.3.
130. Vergelyk paragraaf 4.3.
131. Vergelyk paragraaf 3.5.

6.2.8.3 Voorstelle ter versuidafrikaansing van immigrante=kinders deur leerstof

Ondersoek in die buiteland dui daarop dat geen immigrasieland dit van immigranteleerlinge verwag om twee vreemde tale gelyktydig aan te leer nie en dat immigrante wat ouer as 12 is, vrygestel word van die tweede taal of toegelaat word om hulle moedertaal as tweede taal te neem[132]. Die estetiese vakke Musiek, Kuns, Industriële Kuns, Handwerk, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding word primêr in die immigrasielande benut vir die sosiale inskakeling van immigrante. Die taalkundig-literêre, historiese, sosiale en politieke vakke word eksplisiet, sowel vir assimilasie van die immigranteleerlinge as vir "onderwys-tot-aanvaarding van die immigrant" vir die outochtone kinders benut. Die leerstof van die spesiale kursusse in die voertaal word veral daarop ingestel om die immigrante in te lei in die kultuur van die nuwe land[133].

In die lig van die voorgaande word aanbeveel:

(1) Die immigranteleerlinge moet deur middel van die estetiese vakke, buitemuurse en ander groepsaktiwiteite maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kinders blootgestel word. Kuns moet benut word om aan die "stom" immigrantekinders uitdrukkingsgeleentheid vir hulle emosies te gee. Skoolmusiek en veral sang moet aangewend word om 'n groepsgevoel te ontwikkel en die aanleer van taal te bevorder. Handwerk moet geleentheid tot kreatiewe aktiwiteit gee. Liggaamlike Opvoeding, spanspele en buitemuurse aktiwiteite moet benut word vir die terapeutiese waarde daarvan, maar ook om fisiese kontak en taalinteraksie met die outochtone kinders te stimuleer. Hierdie kontak moet uitgebrei word tot sosiale byeenkomste, jeugverenigings soos Padvinders en Voortrekkers, volkspele en Landsdiens, sodat die immigrantekinders kan voel hulle hoort by die nuwe skoolmaats.

---

132. Vergelyk paragraaf 5.5.1.4.

133. Vergelyk paragrawe 5.3.2.10, 5.3.9.6, 5.3.5.8 en 5.3.5.9.

(2) Onderwys van die voertaal moet die uitgangspunt tot versuidafrikaansing en kulturele inskakeling wees. Die inhoud van die spesiale taalonderwys in die taalonttrekkingsklasse, sowel van Engels as van Afrikaans, moet progressief volgens ouderdom en vordering gerig wees op 'n funksionele woordeskat om die immigrante so gou moontlik taalmobiel in eie omgewing te maak. Dit vereis die bybring van die basiese woordeskat in verband met skoolvakke; hulle eie liggaam en liggaamlike behoeftes soos onder andere kos; hulle skool en skooldrag; die Suid-Afrikaanse muntstelsel; die poskantoor, seëls, telefone, radio en televisie; nooddienste soos die polisie, brandweer, ambulans, dokter, tandarts, verpleegster, hospitaaldienste; munisipale kliniek, inenting teen pokke, witseerkeel, polio en kinkhoes; padveiligheid en vervoerdienste; massa-eenhede, mate, inhoud, afstand, temperatuur, reënval; winkels, klerasie, klerasie- en skoengroottes; akkommodasie, koop, bou en huur van huise; koerante en tydskrifte; polisie en howe; Suid-Afrikaanse gewoontes, waardes, gebruike, leefwyse, troeteldiere, liedjies, speletjies, geskiedenis, oorlewerings; kafees en restaurante; elektriese benodigdhede; verlore artikels; belastings; uitvoerregulasies; arbeidsburo en werkgeleentheid; lisensies; bewaring van fauna en flora; onderwys; sport; klubs; kerke; veelvolkige ontwikkeling; verkiesings, parlement, provinsiale rade, Staatspresident; volkslied en vlag; openbare vakansiedae en hulle betekenis; registrasie van 16-jarige leerlinge en naturalisasie en wetenswaardighede uit die onmiddellike omgewing[134].

(3) Immigrantekinders wat nie die medium van onderrig magtig is nie, moet vrygestel word van die tweede amptelike taal tot tyd en wyl hulle die medium van onderrig gekonsolideer het. Daarna moet hulle intensiewe onderwys in die tweede taal ontvang.

---

134. Department of Education and Science. Situational English for newcomers to Australia, Parts 1, 2 & 3.

(4) Immigrantekinders wat eers in die senior sekondêre fase arriveer en nie een van die amptelike tale ken nie, moet op versoek vrygestel word van die tweede amptelike taal. Hulle moet toegelaat word om hulle moedertaal in plaas van die tweede amptelike taal vir eksamendoeleindes aan te bied. Hulle moet 'n spesiale verpligte kursus in praktiese Afrikaans/Engels vir ten minste een jaar ontvang en wel gedurende die periodes vir die tweede taal, en by skoolverlating moet daar 'n aantekening in dié verband op hulle sertifikaat verskyn.

(5) Immigrantekinders wat wel die medium van onderrig magtig is of 'n aanvang met die tweede amptelike taal maak nadat die voertaal gekonsolideer is, moet intensiewe onderrig in die tweede amptelike taal ontvang gedurende die les= periodes van dié taal, asook vir een uur per week ná skool tot tyd en wyl die leerlinge die taal sodanig beheers dat hulle normale lesperiodes daarin kan bywoon[135]. Daar moet selfs dan nog vir 'n verdere jaar voorsiening gemaak word vir naskoolse aanvullende onderrig in die tweede taal vir ten minste een uur per week.

(6) Voorsiening moet gemaak word vir die onderrig van immi= grante se moedertaal as derde taal gedurende skoolure of ná skool by 'n sentrale skool - bv. 'n skool vervat in tabel 56[136].

(7) Jeugweerbaarheid moet by uitstek, naas taalonderwys, benut word om die immigrantekinders te versuidafrikaans, te laat tuisvoel in die skool en om gesonde menslike verhoudings by immigrante sowel as Suid-Afrikaners te bevorder sonder om die kulturele herkoms van die immi= grant te ontken. Die Suid-Afrikaners moet gemotiveer word om die immigrante behulpsaam te wees, en 'n stelsel van geselekteerde voogde moet vir dié doel ingestel word.

---

135. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3, tabel 55.
136. Vergelyk paragraaf 6.2.2.3.3.3, tabel 56.

Dit is ook belangrik om die Suid-Afrikaners weerbaar te maak teen volksvreemde invloede van immigrasie en veral teen toenemende probleme van in-migrasie, verstedeliking en industrialisering.

(8) Voorligting ten opsigte van vak- en kursuskeuse, beroepsleiding en die dienste wat hierby ingesluit is - veral sielkundige, taalterapeutiese en remediërende dienste - moet maksimaal vir immigrante benut word.

(9) Die histories-sosiale en politieke vakke moet doelbewus benut word om die immigrante die nasionale karakter van die Suid-Afrikaanse onderwys en vaderland te laat belewe. Saam met Jeugweerbaarheid moet hulle lei tot 'n gesindheid van lojaliteit en verantwoordelikheid teenoor die nuwe vaderland. Die vakke moet egter ook begrip by die outochtone leerlinge skep vir die herkoms van immigrante en sodoende hulle sosiale aanvaarding en inskakeling in die volksmilieu bevorder.

(10) Vanweë toenemende industrialisering en die mannekragtekort moet vir die Suid-Afrikaner sowel as die immigrant meer en beter voorsiening gemaak word vir matematiese, natuurkundige, praktiese, tegniese en kommersiële onderwys[137].

(11) In plaas van 'n verlaging van die immigrasiestandaard moet die nie-blanke arbeidsmag meer effektief opgelei en beter benut word.

6.2.9 Evaluering en bevordering van immigrantekinders

6.2.9.1 Die ideaal ten opsigte van evaluering en bevordering van immigrantekinders

Die ideaal is dat daar by die evaluering van immigrantekinders bepaal word in hoeverre hulle daarin geslaag het om die

---

137. Banks, Olive. The sociology of education, p. 23.

kultuurafstand te oorbrug en die Suid-Afrikaanse leerstof te bemagtig en die opvoedingsdoeleindes te bereik[138]. Wanneer immigrantekinders egter bevorder moet word, is dit belangrik dat hulle saam met hulle eie ouderdomsgroep, soos vervat in tabel 26[139], vorder; dat hulle nie vanweë hulle taalagterstand gepenaliseer word nie; en dat in gedagte gehou word dat hulle akademiese prestasie, veral in die voertaal waarskynlik positief sal korreleer met die duur van hulle verblyf en inskakeling[140]. Dit is belangrik om in ag te neem in welke mate die immigrante se skolastiese prestasie daarop dui of hulle wel assimileerbaar is en die blanke bevolking intellektueel sal versterk[141].

6.2.9.2 Toetsing van evaluering en bevordering van immigrantekinders in die ondersoekterrein

Dit is opvallend dat die Kontinentaal-Germaanse groep die beste presteer, dat die Engelse klaarblyklik onder hulle vermoë presteer - waarskynlik as gevolg van swak motivering en inskakeling - en dat albei groepe in elke opsig beter presteer in die parallelmediumskole as in suiwer Afrikaans- of Engelsmediumskole[142]. Die Diverse groep se akademiese prestasie is in sekondêre skole swakker as in primêre skole en steek sowel by dié van die ander groepe immigrante as by dié van outochtone leerlinge af[143]. Erosie is by Diverse immigrante, in weerwil van bevorderingskonsessies, die grootste en stem tot ernstige besinning. Daar is

---

138. Vergelyk paragraaf 3.5.
139. Vergelyk paragraaf 4.4.
140. Vergelyk paragraaf 4.7.
141. Vergelyk paragraaf 2.4.2.
142. Vergelyk paragraaf 4.7.
143. Loc. cit.

onmiskenbaar 'n verband tussen swakker gemiddelde akademiese prestasie en laer gemiddelde I.K.[144]. Tog is dit opval= lend dat die Diverse groep in die Tegniese en Handelskole sowel as die Spesiale Skool goed met die ander groepe ver= gelyk[145].

6.2.9.3 Voorstelle vir evaluering en bevordering van immigrantekinders

Bogenoemde bevindings stem ooreen met dié van buitelandse ondersoekers waar vasgestel is dat Kontinentaal-Germaanse en Engelse immigrante selfs beter presteer as die outochtone bevolking en dat Mediterreense immigrante swakker pres= teer[146]. Hierdie verskynsel is waarskynlik een van die redes vir die teenstand teen hulle immigrasie in die V.S.A. en die Europese immigrasielande[147]. Dit wil dus voorkom asof hulle verstandelike potensiaal en skolastiese agter= stand nie net aan omgewingsfaktore nie maar ook aan genetiese faktore toegeskryf kan word.

Met inagneming van die gestelde ideale en die aangeduide leemtes word aanbeveel:

(1) Behalwe beperking van die kwota Mediterreense immigrante, moet ook Engelse immigrante - veral met betrekking tot die assimileerbaarheid van hulle kinders - meer selek= tief gekeur word. Onassimileerbare immigrantekinders moet saam met hulle ouers gedeporteer word[148].

(2) Aanstaande immigranteouers met verstandelik gestremde kinders moet nie vir immigrasie oorweeg word nie[149].

(3) Jong immigranteouers wie se kinders nog nie langer as vyf jaar op skool was in die herkomsland nie, moet voorkeur by keuring geniet.

---

144. Vergelyk paragrawe 4.3.9 en 4.7.2.
145. Vergelyk paragraaf 4.7.2.1.
146. Vergelyk paragraaf 4.7.2.
147. Loc. cit.
148. Vergelyk paragraaf 2.5.2.
149. Loc. cit.

(4) Diverse immigrante wie se kinders by aankoms in St. 9 is, moet die eindeksamen deur medium van hulle moedertaal kan aflê.

(5) Voorsiening moet gemaak word vir die immigrante om soveel Europese tale as wat hulle magtig is, tot 'n maksimum van drie, as matriekeksamenvakke aan te bied.

(6) Die taalagterstand van die Diverse immigrante moet op hulle skrifteboeke in die eindeksamen aangedui word sodat dit volgens 'n amptelike reëling by puntetoeken= ning in ag geneem kan word.

(7) Die bestaande konsessies van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad moet vir Diverse immigrante behou word[150]. Engelse en Kontinentaal-Germaanse immi= grante wat langer as twee jaar in die land is, moet egter nie vrygestel word van die eise in verband met die tweede amptelike taal nie.

(8) Promosie van immigrante wat minder as twee tot drie jaar in die land is[151], moet geskied deur die Inspek= teur van Onderwys met inagneming van 'n volledige ver= slag van prestasies en vordering in elke vak. Die stand van hierdie leerlinge se taalkennis moet op hulle sertifikate aangedui word. Die stand van taal= kennis van alle immigrante moet op promosiestate en rapporte aangedui word.

(9) Die parallelmediumskole in die petrochemiese nywer= heidsgebied moet behou word omdat die skool 'n ware afskynsel van die bevolkingsamestelling en kulturele situasie aldaar is.

---

150. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2.

151. Vergelyk paragraaf 4.7.2.3.1, tabel 37.

6.2.10 Besondere metodes en hulpmiddels moet by die onderwys van immigrantekinders betrek word

6.2.10.1 Die ideaal ten opsigte van metodes en hulpmiddels vir immigranteonderwys

Aangesien immigrasie die dinamiese ontwikkelingsgang van die immigrantekind wat nie die medium van onderrig magtig is nie, onderbreek, is die ideaal dat die immigrantekind die nuwe voertaal binne die kortste tyd aanleer sodat die kontinuïteit van die opvoeding so gou moontlik herstel kan word[152]. Die kind moet die betrokke taal op 'n natuurlike wyse soos sy moedertaal aanleer deur maksimaal blootgestel te word aan die Suid-Afrikaanse taalgemeenskap, waarin hy tot taal opgeroep en gemotiveer word om hom verstaanbaar te maak en om te verstaan. Taalvaardigheid moet verkry word deur inoefening via funksionele gebruik van die taal in dialoog met die leefwêreld. Daarom is die taalgemeenskap so belangrik in die bepaling van die medium van onderrig[153]. Dit is wenslik dat die immigrant die taal primêr mondeling aanleer en dat die woorde met die hoogste gebruiksfrekwensie op geselstrant beheers word voordat die taaltegnieke van skryf en lees deur die fonetiese metode bygebring word[154]. Hulpmiddels soos strookfilms met klank, oudiofone en die taalpraktikum, waardeur taalgebruiksituasies geskep kan word, moet aangewend word om taalvaardigheid te motiveer.

6.2.10.2 Toetsing van die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die eise ten opsigte van metodes en hulpmiddels

Die tydperk wat dit die immigrante kos om die voertaal aan te leer, word in die ondersoekterrein onnodig verleng deur hulle vryheid van voertaalkeuse, akkumulering in Engelsmediumskole en gebrek aan blootstelling aan en interaksie met die taal=gemeenskap[155]. Daar is tans weinig tekens van konsekwente

---

152. Vergelyk paragraaf 4.3.
153. Loc. cit.
154. Vergelyk paragraaf 5.3.3.10.
155. Vergelyk paragrawe 4.3.8, 4.5 en 4.7.2.3.2.4.

toepassing van effektiewe en erkende metode(s) van taal= onderwys wat op 'n wetenskaplik-bepaalde kernwoordeskat en essensiële taalstrukture berus. Oor die algemeen vind boekestudie plaas en word 'n formele taalkundige benadering van analise gevolg[156].

Uitsonderlik word van 'n taalpraktikum gebruik gemaak. Die gebruik van rol- of strookfilms en oudiofone by die taal= onderwys is nie teëgekom nie. Die skole is klaarblyklik nie toegerus om te voorsien in die noodtoestand waarin die immigrantekinders verkeer nie.

6.2.10.3 Voorstelle ten opsigte van metodes en hulpmiddels vir die onderwys van immigrantekinders

Talle immigrasielande maak gebruik van oudiovisuele linguale metodes wat op die kernwoordeskat van die tale berus, en permanente klaslokale word vir taalonderrig spesiaal met hulpmiddels toegerus om reële taalsituasies te skep[157]. Daarby word maksimale taalinteraksie deur verspreiding bewerkstellig.

Met inagneming van die aangeduide kriteria, die klaarblyk= like leemtes in die ondersoekterrein en die stappe wat in ander immigrasielande geneem word, word aanbeveel:


(1) Maksimale taalinteraksie met Suid-Afrikaners moet deur verspreiding bevorder word sodat die immigrante die taal buite en binne die klas mondeling aanleer deur die direkte metode, wat vertaling dan oorbodig maak. Sodoende word die kind se affekte betrek en word hy tot optimum leerintensionaliteit gemotiveer[158]. Die kultuurtegnieke lees en skryf moet later met behulp van die klankmetode bygebring word[159]. Die gebeure kan soos volg voorgestel word:

---

156. Vergelyk paragrawe 3.6 en 4.8.
157. Vergelyk paragraaf 5.5.1.9.
158. Vergelyk paragraaf 4.3.
159. Goedhart, F.L. Het talenpracticum en het moderne taalonderwijs, pp. 47 - 50.

Figuur 10

Aanleer van taal



(2) 'n Oudiovisuele linguale kursus - waarin alle fonetiese beginsels vervat is[160] wat by die Suid-Afrikaanse milieu aangepas is, wat berus op die woorde en taal= strukture met die hoogste gebruiksfrekwensie en wat op die CREDIF- of Israelse metode gebaseer is - moet ontwerp en gevolg word[161]. Hierdie kursus moet met 'n basiese funksionele woordeskat en sinstrukture vir verskillende ouderdomsgroepe ontwerp word. Dit moet aangevul word met 'n soortgelyke taalpraktikumkursus vir sekondêre leerlinge. Tot tyd en wyl sodanige kursusse vir Engels ontwerp word, kan die Scope-metode in Engels gebruik word, tesame met die beskikbare Engelse taalpraktikumkursusse[162].

---

160. Van Riper, C. Speech correction. Principles and methods, p. 482.
161. Vergelyk paragrawe 5.3.2.10 en 5.3.5.9.
162. Vergelyk paragraaf 5.3.9.6.

(3) Die sekondêre skole vervat in tabel 56 moet met 'n oudio= aktiewe of oudioaktiewe vergelykende taalpraktikum of met kassetmasjiene en oorhoofse projektors toegerus word. Tot tyd en wyl hierdie kursus voltooi is, kan die taalpraktikumkursus Aangename Kennis van Roux en Wessels gebruik word. Die provinsiale onderwys= biblioteke moet voorsiening maak vir uitleen van kassette aan skole.

(4) 'n Permanente lokaal vir taalonderwys aan immigrante moet by elke betrokke skool ingerig en toegerus word met die tematiese items vervat in tabel 57. Dit sal die skep van reële situasies moontlik maak. Die lokaal moet ook toegerus word met die volgende ouditiewe en visuele onderrigmiddele: kassetbandopnamemasjien, filmdoek, oorhoofse projektor, strokiesfilmprojektor, skyfieprojektor, platespeler, radio en televisiestel.

(5) Die immigrante moet gemotiveer word om die taal aan te leer deur hulle die taal te laat beleef in sinvolle situasies soos uitstappies, taalvakansieprojekte, Studeer op Safari se taalplaas, taalspeletjies, lied= jies, rympies, dramatiese spel, stokperdjies, ens.

(6) Taaloefening moet geskied deur middel van drilwerk, nabootsing van klanke, kontrastering van klanke, artikulasie en intonasie, patroonsinne van nuwe taalstrukture, alledaagse dialoog, begripsoefening, taalstruktuuroefening, en wissel-, toevoegings-, samestellings-, antwoord- en substitusiedriloefeninge[164].

---

163. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.3.3, tabel 56.

164. Botha, June. Random reports from a language laboratory, parts 1 & 2. English as second language, Vol. 5, no. 2, Feb. 1971, pp. 47 - 50;
Persoonlike onderhoude met taalonderwyseres van die taalpraktikum.

Tabel 57

Hulpmiddels vir tematiese taalonderwys

Hulpmiddel	Taal	Hulpmiddel	Taal
Balle Krale	Klein, groot, rol, speel. Kleur, tel, inryg, in houers plaas, vergelyk.	Viltbord	Identifisering, benoeming.
Bottels Waterhouer	Grootte, vorm, speletjies met water, koeldrank, vloeistof vul, uitgooi.	Dorpskaart Dorpsmodel	Identifisering van groentewinkel, apteek, haarkapper, ens., straatname, kerke, bioskope, swembad, polisie, brandweer, hospitaal, munisipale kliniek, padtekens.
Vloeistof	Temperatuur, dik, dun, vloei, loop, mate.		
Dose	Grootte, vorm, kleur materiaal.	Vrugte en blomme	Identifisering, gesindheid, tuin, boord, kleur, smaak, reuk, insekte.
Knope	Vergelyking, vul van houers, aanwerk.		
Horlosie	Tyd, middagete, speeltyd, huis toe gaan.	Ameublementstelle	Herkenning, tafel, bed, ens.
Kalender	Name van dae, gister, vandag, môre, aanstaande week, maand, jaar, vakansiedae.	Huismodel of popphuis Parkademodel Garagemodel Selfdienwinkelmodel	Beweging in huis, vee, voorsetsels. Brandstof. Koop, ens.
Kaarte	Kersfees, verjaarsdag, klassifikasie, kleur.		
Klei	Voorwerpe, diere.		
Kookstel	Voorwerpe en gebruike.	Matériaal	Kleur, tekstuur, patroon, dik, dun, wol, sy, katoen.
Poppe	Illustreer mense, voorwerpe, aksies.	Geld	Herkenning, waarde, inkopies.
Marionette	Dialoog, liedjies, modelvrae en antwoorde, stories.	Papier	Patrone, teksture, kleur.
		Slaginstrumente	Tipe, klank, ritme, musiek.
Skottel, seep handdoek	Gesondheidsprosedure en higiëne.	Plate en kassette	Liedjies en stories.
Klerasiedoos	Klere-artikels	Potlode	Besittings, kleur, nuut, lank, kort.
Plaasdiere	Herkenning, voorsetsels, plaasmodel.	Prente	Identifisering.
Linte	Lengte, wydte, kleur, langer as, korter as.	Speelgoeddeeg	Voorsetsels, groottes, voorwerpe.
Sand/Rys	Ontelbaar, bietjie, meer, baie, ongeveer.	Telefone	Oefen bekende strukture, taalspeletjies.
Sandbak	Houers, meer, meeste.	Blikke	Rond, vierkantig.
Klankkaarte	Oefen, klank.	Speelgoed	Kleur, beweging, plastiek, metaal, hout, groot, klein.
Teestel	Dramatisering.		
Treinstelle	Stasie.	Verkeersitems	Straattoneel, karre, trems, busse, ligte, kruising.
Dieretuin	Name.		
Prenteboek	Bladsy, nommer, identifisering.	Lewensgrootte prent van seun of dogter	Skooldrag, verskillende kleredrag, groottes, liggaamsdele en aktiwiteite
Koerante en tydskrifte	Nuus, advertensies, weervoorspellings, Suid-Afrikaanse situasies.	Aktiwiteitshoekie	Ameublement.
Lewendige voël	Vlieg, kos, hok.	Taalspeletjies	Woordbou, blokkiesraaisels, legkaarte.
Lewendige troeteldiere	Kos, hok.		
Koeverte	Seëls, dorpsname		

6.2.11 Immigranteonderwys moet in ag geneem word by personeelvoorsiening

6.2.11.1 Die ideaal ten opsigte van personeelvoorsiening vir die onderwys van immigrantekinders

Dit blyk uit verskeie van die voorgaande paragrawe dat die onderwys van immigrante besondere eise stel. Daar is byvoorbeeld aangedui dat daar taalonttrekkingsklasse moet wees, dat naskoolse onderrig gegee moet word, dat daar voldoende remediërende onderwys en voorligting moet wees, dat daar termyn- of jaarklasse moet wees en dat besondere tegnieke van taalonderrig gepaard met gespesialiseerde hulpmiddels gebruik moet word[165]. Dit spreek vanself dat voldoende opgeleide en selfs gespesialiseerde personeel vir hierdie sake voorsien moet word en dat hierdie personeel soms bo en behalwe die normale personeelvoorsieningskale voorsien moet word.

6.2.11.2 Toetsing van personeelvoorsiening met betrekking tot onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein

Afgesien van die voortreflike werk van individuele onderwysers is bevind dat sommige onderwysers ten spyte van departementele aanbevelings swak toegerus is vir die onderwys van immigrantekinders en dat taalonderwysers nie optimaal en ekonomies benut word vir spesiale en aanvullende taalonderwys nie[166]. Voldoende spesiale taalpersoneel word ook nie in alle gevalle voorsien nie. Daar is nêrens tekens gevind dat van die personeel enige besondere opleiding in een of ander faset van immigrante-onderwys ontvang het nie[167].

---

165. Vergelyk paragraaf 6.2.10.3.
166. Vergelyk paragrawe 3.7 en 4.9.
167. Loc. cit.

6.2.11.3 Voorstelle ten opsigte van personeelvoorsiening vir immigranteonderwys

Die opleiding en voorsiening van personeel vir die ontvangs en onderwys van immigrante word in verskillende immigrasie= lande as bepalende faktor vir suksesvolle inskakeling van immigrante bejeën. Daar word gevolglik ruim voorsiening gemaak vir besondere opleiding en personeel[168].

Met inagneming van die aangeduide kriteria, die klaarblyk= like leemtes in die ondersoekterrein en die stappe wat in ander immigrasielande gedoen word, word aanbeveel:

(1) By elke skool waar daar immigrante met taaltekorte is, moet ten minste een onderwyser(es) vir hulle aangestel word op voltydse of deeltydse basis na gelang van die behoefte. Die aanstelling van personeel vir dié doel moet vir elke skool afsonderlik van jaar tot jaar oorweeg word.

(2) 'n Personeelvoorsieningskaal vir skole met immigrante= kinders word in tabel 58 voorgestel.

(3) 'n Uitbreiding van die personeelvoorsieningskaal in tabel 58 word in tabel 59 voorgestel vir skole met meer as 14 immigrantekinders. Vyftien immigrante= kinders wat nie een van die amptelike tale ken nie, regverdig, volgens die ure taalonderwys wat hulle nodig het, die aanstelling van 'n supernumerêre personeellid volgens tabelle 58 en 59. Nogtans behoort elke pos op eie meriete volgens plaaslike omstandighede oorweeg te word.

---

168. Vergelyk paragraaf 5.5.1.10.

Tabel 58

Voorgestelde personeelvoorsieningskaal vir skole met immigrantekinders*[1)]

Skole	Tipe groepering	Maksimum getal immigrante per klas	Totale getal leerlinge per gewone en per onttrekkingsklas	Getal ure en periodes taalonderrig in die:		Getal Onderwysers
				Voertaal[2)]	Tweede taal[3)]	
Primêre en sekondêre skole	Direkte en elastiese integrasie met taal-onttrekkingsklasse[4)].	4 - 5	25 per klas en <5 per taalonttrekkingsgroep[5)].	10 periodes of ± 5 uur per week 30 tot 60 min. na skool. Vir meer elastiese integrasie 30 periodes of 15 uur per week.	10 periodes of ± 5 uur per week 30 tot 60 min. na skool.	1 klasonderwyser 1 vir elke 15 immigrantekinders (Kyk tabel 59) + Taalonderwys in plaas van buitemuurse werk.
Sekondêre skole	Kwartaal-, termyn- of trimesterklasse.	<15	<15 per klas.	40 periodes of ± 20 uur per week ook in vaktaal-woordeskat.	10 periodes of ± 5 uur per week 30 tot 60 min. na skool.	1 vir elke 15 leerlinge.
Primêre skool	Jaarinhaalklas	<15	<15 per klas	40 periodes ± 20 uur.	6 periodes of ± 3 uur per week.	1 vir elke 15 leerlinge.
Primêre en sekondêre skool	Remediërende onderwys in tale		<5 per groep	2 periodes of 1 uur per week gedurende of na skool.	2 periodes of 1 uur per week gedurende of na skool.	Klasonderwyser of taalonderwyser maar verkieslik spesiale taal-onderwyser vir immigrante.

*Saamgestel volgens groeperingsaanbevelings in paragraaf 6.2.7.3, tabel 55.

1) Immigrantekinders volgens die definisie vir statistiese doeleindes paragraaf 1.4.1.3 en die definisie vir taalonderwysdoeleindes paragraaf 4.3.3.3.
2) Op kort termyn gekonsentreerd volgens ouderdomme van kinders.
3) Op lang termyn verspreid volgens ouderdomme van kinders en nadat die voertaal gekonsolideer is.
4) Direkte integrasie met behulp van die taalonttrekkingsklas is die voorgestelde aangewese metode. Dit is die mees ekonomiese groeperingsmetode omrede:
   (a) slegs een onderwyser(es) per 15 immigrante nodig is;
   (b) immigrantekinders optimaal gemotiveer word tot taalinteraksie in die klas waarin hulle tot taal opgeroep word; en
   (c) immigrantekinders die korrekte taalgebruik van hulle klasmaats, wat Suid-Afrikaners is, hoor.
5) Die sinvolle instelling van 'n taalonttrekkingsklas by 'n sentraalgeleë skool moet volgens die aanbevelings by paragraaf 6.2.7.3.3 nie deur skoolgrense in die wiele gery word nie.

Tabel 59

Uitbreiding van die personeelvoorsieningskaal vir skole met meer as 14 immigrantekinders

Inskrywing	Personeel	Inskrywing	Personeel
15	gee 1	12	behou 1
30	gee 2	22	behou 2
45	gee 3	35	behou 3
60	gee 4	50	behou 4
75 ens.	gee 5	65	behou 5

(4) Indien die getal immigranteleerlinge nie die aanstelling van 'n personeellid regverdig nie, moet die immigrante wat nie die voertaal of tweede amptelike taal magtig is nie, saamgegroepeer word in 'n sentraal geleë skool vervat in tabel 56 waar die getalle die aanstelling van 'n onderwyser(es) moontlik kan regverdig[169].

(5) Die onderwysers wat vir spesiale immigrantetaalonderwys aangestel word, moet die mees bekwame, simpatieke en ervare onderwysers wees. Hulle moet hulle goed in die situasie van immigrante kan indink, verkieslik die buite= land ken en die immigrante positief as nuwe Suid-Afrikaners benader. Hulle moet ook goeie menslike verhoudinge kan handhaaf en die kind geborge laat voel. Hulle moet ook as skakel tussen skool en ouers kan optree en met ander personeellede skakel om die spesifieke behoeftes van die immigrante te bepaal en mee te deel. Hierdie personeel moet opgelei wees in die aanvangsonderrig van taal, onderwysmetodiek van 'n vreemde tweede of derde taal en in remediërende onderwys.

(6) Met die oog op die verspreidings- en direkte groeperings= aanbevelings hierbo, moet klasse waarin daar immigrante is nie groter as 25 wees nie. Toegewings moet in die normale personeelvoorsieningskaal gemaak word om die grootte van klasse dienooreenkomstig te beperk.

169. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3, tabel 55.

(7) Dit is noodsaaklik dat alle onderwysstudente in Sosio= pedagogiek vertroud moet raak met die problematiek van immigranteonderwys sodat hulle die immigrante in skole positief kan benader om basiese individuele hulp aan hulle te verleen. Onderwysstudente wat in Remediërende Onderwys spesialiseer moet vir remediërende onderwys gedurende proefonderwys aan skole met immigranteleerlinge benut word.

(8) Onderwysstudente wat in tale spesialiseer moet in taal= praktikumtegniek opgelei word.

(9) 'n Spesiale kursus vir spesialisering in immigranteonderwys moet ingestel word.

(10) Behalwe die gewone personeel in skole moet daar 'n adviseur vir immigranteonderwys in elke provinsie aangestel word. Die adviseur moet uitsluitlik op immigranteonderwys konsentreer en met die Departement van Immigrasie en inburgeringsorganisasies skakel. Die adviseur moet verspreiding, omgewingsbeperkings, groepering, taalonderwys, ens., reël.

(11) Departementele klinieke moet by die ontvangs van immigrante betrek word, en daar moet bykomende personeel, soos in paragraaf 6.2.7.3.2.3 beskryf, aan klinieke toegeken word.

(12) 'n Maatskaplike werkster moet in oorleg met die Departe= ment van Volkswelsyn in die betrokke klinieke benoem word om met die inskakeling van immigrante en die op= lossing van hulle probleme behulpsaam te wees.

(13) In ontvangsentra moet volwasse tolke op vol- of deeltydse basis voorsien word omdat immigranteouers weinig waarde aan kindertolke heg.

6.2.12 Immigranteouers moet betrek word by die onderwys van hulle kinders

6.2.12.1 Die ideaal van betrokkenheid van immigranteouers by die opvoeding van hulle kinders

Dit is belangrik om die primêre intraverhouding tussen ouer en kind na immigrasie te konserveer. Omdat immigranteonderwys sterk gerig is op die herstel van die kontinuïteit van opvoeding - wat deur immigrasie versteur is - en opvoeding ná immigrasie ook voltrek moet word in die intraverhouding in die Suid-Afrikaanse sekondêre idiostante kultuurkring, soos veral in die skool beliggaam en laasgenoemde sosiaal sekondêr die gesinsverhouding oorvleuel, is die ideaal dat die immigranteouers en die hele huisgesin in die Suid-Afrikaanse kultuurkring ingeskakel word en aan die immigranteouergemeenskap ook 'n plek in die onderwysstelsel toegeken word[170]. Dit is derhalwe essensieel om immigranteouers te betrek by ouer-onderwyserverenigings, beheer- en skoolrade en skoolkomitees - maar ook op informele wyse deur hulle bywoning van allerlei skoolfunksies aan te moedig.

6.2.12.2 Toetsing van die onderwys van immigrante in die ondersoekterrein aan die eis ten opsigte van betrokkenheid van immigranteouers

Die vreemdheid van die meeste immigranteouers in die ondersoekterrein rem samewerking tussen huis en skool, bemoeilik die taalkeuse vir hulle kinders en benadeel die houding van die Suid-Afrikaners veral jeens die kategorie Diverse immigrante. Dit vind 'n negatiewe neerslag in die skole van die ondersoekterrein[171]. Vanweë die kommunikasieprobleem en ook lang en verspreide werksure, woon immigranteouers nie ouer-onderwyserverenigings by nie, maar hulle ondersteun skoolfunksies goed. Hulle is egter nie in skoolkomitees betrek nie[172].

---

170. Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(h).

171. Vergelyk paragraaf 4.5.

172. Vergelyk paragrawe 3.8 en 4.10.

6.2.12.3 Voorstelle om immigranteouers te betrek by die opvoeding van hulle kinders

Die meeste ander immigrasielande beklemtoon die betrokkenheid van die immigranteouers by die opvoeding van hulle kinders en hulle kulturele inskakeling deur oriënterings- en taalklasse vir immigrante by taalsentra en plaaslike skole aan te bied, die ouers te oriënteer ten opsigte van hulle betrokkenheid by die opvoeding van hulle kinders en immigranteouer-verteenwoordiging op skool- en ander komitees aan te moedig.

In die lig van die aangeduide kriteria, die klaarblyklike leemtes in die ondersoekterrein en die stappe wat in ander immigrasielande gedoen word, word aanbeveel:

(1) Geleenthede moet geskep word dat albei immigranteouers dieselfde amptelike taal as hulle kinders moet kan leer. Dit kan by beskikbare taalpraktika gedurende die eerste drie maande van hulle verblyf geskied, terwyl hulle nog finansiële steun van die Departement van Immigrasie ontvang[173].

(2) Spesiale taalonderwysers van skole moet teen ekstra vergoeding benut word om die betrokke taal, veral aan moeders te onderrig, die ouers te oriënteer ten opsigte van die landskultuur, godsdiens en burgerskap om hulle sosiaal, kultureel en linguisties te help inburger. Aangesien dit volwasse opvoeding is, moet die Departement van Nasionale Opvoeding dit bekostig.

(3) Die outochtone gemeenskap en die immigrante moet opgevoed word tot inburgering deur gebruik te maak van massamedia - veral die radio en televisie. Die Suid-Afrikaners moet geleer word om nie net in die immigrante belang te stel vanweë hulle bydrae as arbeidseenhede en entrepreneurs tot materiële welvaart nie. Hulle moet die immigrante ook vanweë demografiese en sosiaal-kulturele redes leer waardeer.

---

173. Vergelyk paragraaf 2.5.2.

(4) Die sosiale, ekonomiese en kulturele leiers van die volk en die immigrante, wie se invloed in die immigrante=gemeenskappe verder as die ekonomiese strek, moet by die inburgering van immigrante benut word. Die hele blanke bevolking op staats-, provinsiale, munisipale en alle vlakke van die samelewing moet by die inburgering van immigrante betrokke wees. Die gesinsvoogstelsel moet ook in skole uitgebrei word.

(5) Voorsiening moet gemaak word om aan die immigranteouer=gemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toe te ken deur immigranteverteenwoordiging op ouer-onderwyser=verenigings en skoolkomitees of op ander maniere.

(6) Gesinsaande moet by skole gereël word, en skoollokale of sale moet vir inburgering benut word. Filmvertonings, speletjies, opvoerings deur leerlinge, ens., kan as lok=middels dien om Suid-Afrikaanse sowel as immigranteouers vergesel van hulle kinders te trek. Immigranteouers is veral gretig om uitstallings van leerlinge se klaswerk te besoek, veral as tolke beskikbaar gestel word. Hulle woon ook graag konserte, prysuitdelings en funksies by as hulle kinders daaraan deelneem of as erkenning aan hulle kultuur gegee word. Dergelike sake kan ook as lokmiddels benut word.

(7) Die houding van die skoolhoof, die personeel en die Suid-Afrikaanse ouers en gemeenskap jeens die immigrante moet positief wees. Voogonderwysers van immigrante=kinders in skole moet die ouers by die vooggesinstelsel betrek.

(8) Hoofde van skole of ander senior departementele ampte=nare moet, desnoods met behulp van tolke, by immigrante=klubs voorligting aangaande plaaslike onderwys gee.

(9) Ekonomiese inskakeling van die ouers en integrasie van immigrantekinders moet primêr nagestreef word omdat suk=ses en geluk die ouers se permanente vestiging bepaal.

6.3 Implikasies van die voorstelle in verband met die onderwys van immigrantekinders

Die implikasies van bogenoemde voorstelle in verband met die onderwys van immigrantekinders, is dat die Minister van Nasionale Opvoeding, behalwe die algemene beleid wat in die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, soos gewysig vir Suid-Afrikaanse kinders neergelê is, in oorleg met die Administrateurs en die Nasionale Onderwysraad 'n landswye beleid vir onderwys van immigrantekinders moet formuleer. Bogenoemde kriteria en voorstelle sal waarskynlik van waarde kan wees by sodanige beleidsbepaling. Dit is voorts noodsaaklik dat immigrasiemaatreëls ook met onderwysvoorsiening rekening hou. Oorleg moet derhalwe ook tussen die Departemente van Immigrasie en Nasionale Opvoeding plaasvind. Die Komitee van Onderwyshoofde sal moet toesien dat die betrokke onderwysdepartemente bogenoemde beleid insake onderwys van immigrantekinders konsekwent uitvoer, en daarvoor sal hulle die nodige geld van die Staat moet kry. In elke provinsie moet 'n adviseur vir immigranteonderwys benoem word, wat onmiddellik belas moet word met die opstel van die nodige regulasies vir uitvoering van die nasionale beleid, vir die opleiding van die nodige personeel en vir die voorsiening van fasiliteite en personeel.

Die kurrikulumkomitees van die departemente sal moet toesien dat die inhoud en leerstof aangepas word vir die versuidafrikaansing van immigrante, terwyl die Gemeenskaplike Matrikulasieraad bevorderingskonsessies en wyer taalkeuses aan immigrante moet gee. Departementele personeelvoorsieningskale sal hersien moet word om aan bogemelde voorstelle te voldoen. Dit, asook noodsaaklike hulpmiddels soos taalpraktika, strookfilms en ander hulpmiddels sal ekstra geld kos wat deur die Staat voorsien moet word.

Universiteite en onderwyskolleges en-departemente sal besondere aanpassings in die opleiding van onderwysstudente en indiens-opleiding van onderwysers moet maak met die oog op effektiewe toerusting van onderwysers vir immigrante= onderwys.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing moet onderneem om die basiese woordeskat te identifiseer en metodes van taalonderrig te ontwerp vir immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie, en sal omvangryke navorsing oor vreemdetaalonderwys moet onderneem.

6.4 Riglyne vir verdere navorsing in verband met sake voortspruitende uit die ondersoek

Dit het in die ondersoek duidelik geword dat die onderwys= probleme wat as gevolg van immigrasie in die ondersoek= terrein voorkom, ten nouste saamhang met die volgende:

(1) 'n Gebrek aan navorsing om die implikasies van nywer= heidsontwikkeling en 'n grootskaalse immigrasieprogram vir die onderwys te peil en daarvoor te beplan.

(2) Probleme van in-migrasie en verstedeliking van die Suid-Afrikaner en die toenemende toetrede, veral van die Afrikaner tot die yster-en-staal- en die petro= chemiese nywerheid.

Gevolglik is 'n dringende ondersoek na die volgende probleme nodig:

(1) Die kulturele, sielkundige en sosiale implikasies van immigrasie vir die onderwys van die R.S.A.

(2) Moderne metodes van vreemdetaalpedagogiek, veral met betrekking tot Afrikaans.

(3) Effektiewe oudiovisuele linguale taalkursusse in Afrikaans en in Suid-Afrikaanse Engels.

(4) Effektiewe taalpraktikumkursusse vir die Suid-Afrikaanse situasie in Engels en Afrikaans.

(5) Voorsiening van Afrikaanse woordeboeke in alle tale van immigrante en benutting van verklarende woordeboeke in vreemdetaalonderrig.

(6) Effektiewe implementering van immigranteonderwys in die metropolisse en groter nywerheidsgroeipunte waar die immigrantebevolking tot $\frac{1}{10}$ en meer van die totale blanke bevolking vorm. Die onderwys in dié sentra moet inderdaad gerig word op die voordeel van die totale blanke bevolking van die R.S.A. en nie slegs op die behoeftes en voordele van die besondere stedelike kompleks soos byvoorbeeld die onderhawige ondersoekterrein nie.

(7) Landswye koördinering van onderwys van immigrantekinders van die R.S.A. is essensieel, en daarom moet die betrokke Minister onverwyld aandag daaraan gee.

(8) Besondere ondersoek moet ingestel word na kulturele verstokenheid en milieugestremdheid, wat as verswarende faktor in die voorsiening van immigranteonderwys geld en wat sowel by die outochtone as by immigrantekinders voorkom.

(9) Die oorsake en voorkoming van stygende getalle Afrikaners in spesiale skole en klasse.

(10) Optimale voorsiening van voorskoolse onderwys en sorg vir voorskoolse kinders en naskooluurse versorgingsentra vir skoolgaande kinders van werkende vrouens en veral dié van skofwerksters.

(11) Effektiewe oplossing van die probleem van 'n vlottende outochtone skoolbevolking, met besondere aandag aan die moontlike invloede van sosiale verval en werkverwisseling van die Suid-Afrikaanse ouers en veral die Afrikaners in oorgangsones van stede.

(12) Optimale voorsiening, uitbreiding en aanpassing van die tegniese onderwys.

6.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is voorstelle vir die effektiewe onderwys van immigrantekinders in 'n nywerheidsgroeipunt geformuleer. Met die oog hierop is kriteria vir immigranteonderwys geformuleer met inagneming van die leemtes in dié onderwys in die ondersoekterrein, die historiese aspekte van immigrasie en voortreflike onderwysmaatreëls vir immigrantekinders in ander immigrasielande. Vervolgens is die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein aan die kriteria gemeet, is leemtes en voortreflikhede blootgelê en is voorstelle ter verbetering gedoen.

In die slothoofstuk word die vernaamste bevindings en aanbevelings kortliks saamgevat.